

## **Stories op die wind:**

'n Handleiding vir opvoeders  
van Noord-Kaapse volksverhale



'n Gesamentlike projek van die Instituut vir Geregtheid en  
Versoening en die Departement van Onderwys, Noord-Kaap Provinsie

Die Instituut vir Geregtigheid en Versoening is verbind tot die bevordering van volhoubare versoening, regmatige transformasie en demokratiese nasiebou in Suid-Afrika en ander Afrikalande.

Die Instituut poog om dialoog en maatskaplike transformasie aan te help. Deur navorsing, analise, gemeenskapswerk, begeesterde openbare debatvoering en ontmoetings op voetsoolvlak, probeer die Instituut 'n klimaat te skep waarin mense van verdeelde gemeenskappe bereid is om 'n gemeenskaplike, geïntegreerde nasie te help bou.

Die Instituut is toegespits op die herstel van vrede op elke vlak van die samelewing, onder meer deur ou grense te help afbreek en nuwe sosiale paradigmas daar te stel.

ISBN 0-9585002-8-2

Wynberg Mews, House Vincent  
Grondverdieping, Brodieweg 10  
Wynberg 7800  
Kaapstad • Suid-Afrika

Telefoon: +27 21 763 7128/0

Faks: +27 21 763 7138

E-pos: [info@ijr.org.za](mailto:info@ijr.org.za)

Ontwerp en produksie: Compress

[www.compress.co.za](http://www.compress.co.za)

Omslagontwerp: Jacob Erasmus

Hierdie handleiding word opgedra aan die storievertellers en leerders wat aan hierdie projek meegewerk het en sodoende 'n klein deel van hul ontasbare erfenis met ons gedeel en geboekstaaf het.

## **Erkenning**

Baie mense het saam gewerk om hierdie handleiding oor volksverhale van die Noord-Kaap tot stand te bring. Die projek se sukses is grootliks te danke aan die 57 storievertellers van Siyanda en Namakwaland.

Die projek is in die Noord-Kaap van stapel gestuur met die samewerking van die Departement van Onderwys en die Departement van Kuns en Kultuur. Jesse Strauss het die teks vir hierdie handleiding geskryf, behalwe die derde hoofstuk wat deur Marlene Sullivan Winberg geskryf is. Sullivan Winberg het ook die teks geredigeer en albei skryfsessies vir mentors en deelnemers gefasiliteer. Daarbenewens is die lesplanne voorberei en geskryf deur Valdi van Reenen-Le Roux en Vernon Titus, op advies van vakadviseurs Garrith van Wyk en Adrienne Cloete.

Hierdie handleiding is ontwikkel onder leiding van Cecyl Esau wat die proses in Namakwaland gekoördineer het en Valdi van Reenen-Le Roux wat dit in Siyanda gedoen het. Fanie du Toit het die oorhoofse bestuur behartig.

Ons erken met dankbaarheid die ruim finansiële bydrae van die Finse ambassade asook die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur vir hierdie projek.

## 1. Inleiding 6

Hoe om die handleiding te gebruik 6

Die kurrikulum 8

Die aard en omvang van die projek 8

## 2. Volksverhale as deel van ons erfenis 12

Omskrywing 12

Openbare voorstellings: Wie se erfenis? 13

Hoe behoort ontasbare en tasbare erfenis gedenk te word 14

## 3. Volksverhale dra waardes oor 16

## 4. Volksverhale as deel van die geskiedenis 23

Die oorsprong van volksverhale 23

Die doel van kukummi 24

Volksverhale in jag 25

Storievertel as deel van daaglikse lewe 26

Grondbesit in volksverhale 29

Volksverhale as voorbeeld van inheemse kennisstelsels 31

Hoe koloniste die volksverhale vir eie gewin gebruik het 32

Moeilike tye vir volksverhale 33

Die impak van kerstening op volksverhale 36

Die Suid-Afrikaanse Oorlog 37

Apartheid en grondaftakening 38

Afgenome grond teruggeëis 39

---

## 5. Lesplanne 40

'n Lesplan vir Afrikaans (Huistaal) 40

'n Lesplan vir Lewensoriëntering 57

'n Lesplan vir Geskiedenis 71

## 6. Samevatting 100

Deelnemers aan die projek 101

Bronnelys 106

# 1. Inleiding

Hierdie handleiding is bedoel as gids vir opvoeders van volksverhale in 'n wye verskeidenheid opvoedingsituasies.

Volksverhale vorm 'n belangrike band met die verlede. Dit bied ons die geleentheid om die historiese leefwyses van verskillende gemeenskappe, soos byvoorbeeld die San- en Nama-gemeenskappe, beter te verstaan. Deur na die stories te luister, skep ons 'n platform vir daardie stemme wat deur koloniserings en apartheid stilgemaak is. Dit bied ook die geleentheid aan gemeenskappe om mekaar beter te verstaan.

Hierdie handleiding fokus op die Noord-Kaap en beoog om inheemse kennis van die San en die Nama, soos uitgedruk in volksverhale, te verwoord en te erken. Nie net is hierdie stemme lank geïgnoreer nie, maar in vele opsigte eensydig uitgebeeld. Hierdie projek poog om dié beeld te help herstel, maar ook om opvoeders aan te moedig om soortgelyke projekte in hul eie gemeenskappe aan te pak.

## **Hoe om die handleiding te gebruik**

Die handleiding is die uitkoms van 'n Noord-Kaapse gemeenskapprojek gelei deur die Instituut van Geregtheid en Versoening. Die doel van die projek was om intensief in twee gemeenskappe te werk en om die uitkomst met die breë gemeenskap te deel. Sodoende hoop ons om 'n geleentheid te skep vir leerders van verskillende agtergronde om uit hierdie ervarings te leer.

Soos die twee vorige handleidings in hierdie reeks, *Pass Laws in the Western Cape* en *Forced Removals – A case study on Constantia*, kan hierdie handleiding 'n nuttige bron vir opvoeders wees. Die handleiding word aangevul deur nog 'n publikasie, 'n bloemlesing in Engels, Afrikaans, Nama en !Nu waarin volksverhale waarna hier verwys word, meer volledig opgeteken is en waarby daar ook 'n CD met lewende opnames van die volksverhale ingesluit is.

Hoofstuk 1 handel oor die oogmerke en inhoud van die projek sowel as oor die projekimplementering. In Hoofstuk 2 word stories as 'n voorbeeld van ontasbare erfenis bespreek om die verband tussen ontasbare en tasbare erfenis te ondersoek. Die aard van volksverhale word in Hoofstuk 3 bespreek. Hoofstuk 4 bied 'n kernagtige historiese agtergrond van Namakwaland en die oorlewering van volksverhale. Hoofstuk 5 bevat die lesplanne vir onderskeidelik Geskiedenis, Huistaal (Afrikaans) en Lewensoriëntering. Asseseringsgidse vir die lesplanne sal op die Instituut vir Geregtigheid en Versoening se webwerf geplaas word: [www.ijr.org.za](http://www.ijr.org.za).

Die handleiding bied 'n kernagtige fokus op verskeie onderwerpe:

- 'n Historiese konteks vir die ontwikkeling van volksverhale, byvoorbeeld in die storie "Diamond Cloetes" (bladsy 96) wat onder meer met verdrukking en uitbuiting verband hou;
- die verband tussen die mens, dier en omgewing in stories soos "Karlientjie" (bladsy 91) en "Groot slang";
- die manier waarop waardes in gemeenskappe oorgedra word in byvoorbeeld vermaakverhale soos "Volstruis en Skilpad" (bladsy 90);
- die manier hoe kinders opgevoed kan word deur volksverhale. Die storie "Groot slang" was byvoorbeeld daarop gemik om kinders te leer om water spaarsaamig te gebruik omdat dit 'n skaars bron is, maar terselfdertyd word daarop gesinspeel dat water ook gevaarlik kan wees.

Die handleiding sluit ook 'n aantal lesplanne in wat opvoeders kan help om volksverhale in die konteks van die kurrikulum te gebruik.

### **Die kurrikulum**

Kennis omtrent die kuns van storievertel lê na aan die hart van die kurrikulum. Hierdie soort kennis word Inheemse Kennisstelsels (IKS) in die Nuwe Kurrikulumverklaring (NKV) genoem, wat deur die huidige graad 10's gevolg word en in 2007 en 2008 onderskeidelik vir die graad 11's en 12's ingestel gaan word. Storievertel vorm dus 'n integrale deel van die NKV. In Geskiedenis word daaraan aandag gegee in Leeruitkoms 4, wat oor erfenis handel. In hierdie leeruitkoms word aandag gegee aan die belangrikheid van stories en legendes as 'n erfenisskat. In die kurrikula vir tale word daar veral aan storievertel aandag gegee in Leeruitkoms 1, wat oor praat en luister handel. Dit word ook in Leeruitkoms 3 gedek. In Asseseringrigslyne kry storievertel ook aandag, want daar word in die taalkurrikulum van leerders verwag om verhalende opstelle te kan skryf, en in Geskiedenis om 'n erfenistaak te doen. Hierdie handleiding kan dus nuttig aangewend word, aangesien die leerders oor die stories en legendes wat hierin voorkom kan skryf. Hulle kan egter ook dieselfde werkswyse volg om deur storievertellings vanmelewe se legendes op te diep.

### **Die aard en omvang van die projek**

#### **Opleiding**

Dit is nie 'n eenvoudige proses om mondelinge erfenis betroubaar op te teken nie. In hierdie geval het altesame agt skole in Namakwaland en die Siyanda-streke, naamlik Steinkopf, Komaggas, Okiep, Concordia, Springbok, Kharkams, Rietfontein en Kakamas aan die projek deelgeneem, asook gemeenskapswerkers van tien organisasies. Storievertellers van die betrokke dorpe is geïdentifiseer en die leerders moes onderhoude met hierdie persone voer. Deelnemers is opgelei in die metodes en tegnieke van mondelinge navorsing, en die



opleiding het die klem veral laat val op die volgende aspekte:

- wat mondelinge geskiedenisnavorsing is;
- die verskil tussen mondelinge geskiedenis en mondelinge tradisie;
- die opstel van 'n onderhoudsgids met oop en geslote vrae;
- praktiese wenke vir die inwerkingstelling van so 'n projek;
- oefensessies met 'n band- of digitale opnemer; en
- skryfwerksessies oor hoe die transkripsie van die klankopname van 'n onderhoud gebruik kan word in die skryfproses.



*Leerders wat aan stories werk.*

Ter selfdertyd en ter voorbereiding van die skryfproses, is mentors, opvoeders en gemeenskapswerkers se skryfvaardighede geslyp deur 'n professionele skrywer en deskundige op die gebied van volksverhale.

## Voor die onderhoud

Voor onderhoude kon plaasvind, het deelnemers met potensiële storievertellers in verbinding getree en hulle oor die volgende aspekte ingelig:

- die aard van die projek;
- wat van die storieverteller verwag kan word;
- wat die storieverteller van die deelnemer kan verwag;
- die toestemming van die storieverteller vir die opname van die storie en die gebruik daarvan vir opvoedkundige doeleindes; en
- die datum, tyd en plek vir die onderhoud.

### Die onderhoude

Die onderhoude het op verskillende dae en verskillende tye plaasgevind:

- die geïdentifiseerde storievertellers het gegaan na die plek waar die onderhoude gevoer word; en
- die deelnemers het die onderhoude met storievertellers gevoer en dit met 'n digitale opnemer opgeneem.

Gedurende die onderhoud of onmiddellik daarna het die deelnemers notas oor die volgende geskryf:

- die hooftrekke van die vertelling;
- wie die storie oorspronklik aan die storieverteller vertel het, of waar hy of sy daarvan gehoor het;
- wanneer stories gewoonlik vertel is;
- waar (plek/omgewing) die storieverteller gebore is en grootgeword het; en
- hoe sy/haar familie geleef het en wat hulle gedoen het om 'n bestaan te maak.

### Ná die onderhoud

Na die onderhoud het die deelnemers 'n geleentheid gekry om na die opnames te luister en in sekere gevalle het hulle besluit om 'n tweede onderhoud te voer omdat die eerste onderhoud onvoldoende was. Die transkripsies van onderhoude in hierdie projek is deur 'n professionele transkribeerder gedoen, maar die onderhoude kan ook deur deelnemers getranskribeer word. Die transkripsies van onderhoude word deur deelnemers gebruik om aan die hand daarvan hul stories te skryf. Die gebruik van digitale opnemers het die deelnemers in staat gestel om 'n kopie van die klankopname sowel as die transkripsie te gebruik om hul stories te skryf.

## Die skryfproses

Die opskryf van mondelinge erfenis is meestal 'n sosiale proses waarin insigte gedeel word en saam opgeteken word. Die deelnemers het drie geleenthede gekry om hul geskrewe stories te verbeter, waarna al die stories deur 'n sentrale redigeringsproses geneem is.



*Leerders bespreek die raamwerk van hul stories met fasiliteerder.*

Die projek het meegebring dat deelnemers die onderstaande skryfvaardighede kon ontwikkel:

- basiese skryfvaardigheid;
- die raadpleeg van die transkripsie asook die klankopname as navorsingsmateriaal regdeur die skryfproses;
- die ontwikkeling van 'n intrige (storieraamwerk);
- funksionering in kleiner groepe met 'n mentor / begeleier wat gereeld terugvoering gegee het;
- 'n geleentheid om hul eie skryfwerk te evalueer en krities te herskryf;
- geleentheid om geskrewe stories aan 'n gehoor te vertel; en
- verdere ontwikkeling van die storie gegrond op mondelinge terugvoer.

Hierdie soort proses bied interessante moontlikhede in skole. Die geskiedenisopvoeder kan byvoorbeeld taalopvoeders vra om skryfsessies aan te bied waarin die finale stories saamgestel kan word. Dié werkwyse bevorder die integrasie van vakke, en is 'n gulde geleentheid om gebruik te maak van portuuronderrig ("*peer learning*") waarin leerders mekaar in die skryfproses help.

## 2. Volksverhale is deel van ons erfenis

Die uitdaging waarvoor Suid-Afrikaners deesdae te staan kom, is om seker te maak dat die tasbare én die ontasbare erfenis van alle mense voldoende erkenning geniet. In die verlede is hoofsaaklik tasbare erfenis gedenk in museums en deur die oprig van standbeelde. Die herdenking van ontasbare erfenis is egter tot die spesifieke gemeenskappe beperk, en dit is miskien 'n rede waarom museums nog nie aandag aan Suid-Afrikaanse volksverhale gee nie. Daar is egter 'n noue verband tussen tasbare en ontasbare erfenis. Die koestering as erfenis van die eindelose panne van die Kalahari sal byvoorbeeld nie volledig wees sonder die stories oor die panne waarmee die inwoners van die Kalahari so goed bekend is nie. So sal Mnr. Bot, die eienaar van Klipkolk en die Majestic Lodge in Klein Mier, besoekers wat op die panne wil gaan ry, waarsku dat die sandstorms wat daar voorkom motoriste kan laat verdwaal, en mense ook in besonderhede kan vertel van al die inheemse plante wat op die panne voorkom.

### **Omskrywing**

Tasbare erfenis is wat 'n mens kan sien en voel, ontasbare erfenis daarenteen kan 'n mens nie met jou hande voel nie. Voorbeelde van tasbare erfenis sluit in monumente, artefakte en natuurlike erfenis soos berge en eilande. Ontasbare erfenis word gewoontlik van geslag tot geslag oorgedra deur middel van vertellings, musiek en die oordrag van inheemse kennis. Die verwantskap tussen tasbare en ontasbare erfenis word duidelik in volksverhale gedemonstreer.

In volksverhale speel 'n spesifieke plek en alledaagse gebeure eie aan daardie plek en gemeenskap 'n groot rol in die verhaal. In die volksverhaal "Die drie Christelike manne" (bladsy 78) lig die storieverteller die luisteraars byvoorbeeld in dat die drie mans



*Pan naby Philandersbron.*

hul brood en water in hul bladsakke gepak het voordat hulle op die reis vertrek het. Die verhaal self is 'n voorbeeld van ontasbare erfenis, maar die "bladsak" waarna verwys word, is 'n artefak (tasbare erfenis) wat gesien en gevoel kan word. In baie van die verhale beskryf storievertellers die plantegroei of landskap wat deel uitmaak van die tasbare erfenis. In party stories praat die storieverteller van reën- of beswymingsdanse ("trances") wat plaasgevind het. In ander verhale beskryf die storieverteller die eertydse musiek wat deur die San gemaak is. Dit is alles voorbeelde van ontasbare erfenisbronne.

Opvoeders kan leerders vra om 'n lys saam te stel van die ontasbare erfenisbronne (musiek, tradisies en seremonies) wat deur hul families beoefen word. Hulle kan ook die voorbeelde van ontasbare erfenisbronne in verband bring met tasbare erfenisbronne. Byvoorbeeld: 'n Nama-huwelikseremonie (ontasbaar) kan verband hou met 'n trourok (tasbaar) wat steeds in die familie se besit is.

## **Openbare voorstellings: Wie se erfenis?**

Standbeelde en museums word dikwels deur maghebbers gebruik op maniere wat tot hul eie voordeel strek. Dit gee uitdrukking aan hul erfenis. Voor 1994 is monumente in verskeie Namakwalandse dorpe soos Pofadder en Springbok opgerig om die Groot Trek te herdenk. Langs die pad tussen Calvinia en Nieuwoudtville is byvoorbeeld 'n monument opgerig om die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog te herdenk. Ná 1994 is net buite Calvinia ook 'n monument opgerig vir Abraham Esau, wat as Kleurlingleier in die Suid-Afrikaanse Oorlog

die opstand teen die Boere gelei het. Hy is wreed deur die Boere doodgemaak.

Die erfenis (tasbaar en ontasbaar) van die meeste inheemse mense is voor 1994 verwaarloos en tans is daar nie veel erfenisterreine in Namakwaland nie. Daar is wel enkeles soos Kinderlê naby Steinkopf, waar 32 Nama-kindere deur die San vermoor is toe hul ouers kerk toe was. Besondermeid is ook 'n erfenisterrein in die Steinkopf-gebied. Daarteenoor is daar ná die simboliese herdenkingstrek van 1938 Voortrekkermonumente in baie dorpe opgerig waardeur wit mense die gedagtenis aan hul voorgeslagte in stand hou.

Die geskiedenis van die inheemse mense getuig ook van helde, soos Klaas Pofadder van Pofadder. Hy het uit 'n geslag leiers gekom wat reeds in 1870 op Robbeneiland as politieke gevangenes aangehou is. As Pofadder 'n erfenispark kry, moet die standbeeld van Klaas Pofadder ook daar staan. Op Pella was daar ook leiers wat vereer kan word, en so kan mense aangaan. Elke dorp het sy leiers – waarom nie almal vereer wat dit toekom nie? So 'n stap kan van onskatbare waarde vir nasiebou en versoening wees.

Elke dorp het sy eie helde en heldinne en sy eie stories oor sy leiers. Bestaande straatname weerspieël soms die name van leiers. Gaan doen navorsing oor die bestaande straatname. Is julle tevrede met hierdie name, of is daar ander leiers wie se name ook as straatname gebruik kan word?

### **Hoe behoort ontasbare en tasbare erfenis gedenk te word?**

Maar wat van erkenning aan volksverhale as 'n erfenisbron soos wat erkenning verleen word aan 'n fisieke terrein? Het volksverhale en legendes nie dieselfde waarde as monumente en erfenisterreine

nie? Het dit nie hoog tyd geword dat ons besef dat volksverhale en -legendes net so 'n belangrike deel van ons erfenis as museums en erfenisterreine is nie? Sal die statusverandering van volksverhale en -legendes nie juis lei tot die oorlewing van hierdie kritiek belangrike deel van ons verlede, hede en toekoms nie? Hoekom oorleef baie monumente en die boodskap wat daardeur oorgedra word? Oorleef hulle nie juis omdat dit iets konkrees is wat deur mense besoek kan word nie? Is dit nie van uiterste belang dat volkslegendes ook dieselfde status as museums moet kry nie? Het dit nie juis sin om volksverhale se status te verhoog nie? 'n Mens kan tog nie 'n museum met jou saamdra nie, maar jy kan met groot gemak 'n CD of DVD van volksverhale by jou hou en so in aanraking daarmee bly.

Volksverhale en -legendes kan ten opsigte van erfenis nie dieselfde status as monumente en erfenisterreine kry nie. Stem jy daarmee saam? As volksverhale en -legendes dieselfde wetlike status as monumente en erfenisterreine kry, sal dit nie juis tot 'n ongekende opbloeie van die vertelkuns en verhaalkuns lei nie? Sal dit nie juis daartoe lei dat 'n inherente deel van ons erfenis vir die nageslag behoue bly nie? Loop ons nie juis die gevaar dat volksverhale en legendes sal uitsterf en dinosourusse van ons verlede word nie? Debatteer hierdie punt.

Tasbare en ontasbare erfenis komplementeer mekaar. Dikwels word ontasbare erfenis op 'n tasbare wyse voorgestel. Die stories van Abraham Esau en die monument wat hom vereer, is 'n voorbeeld van dié verhouding. Ontasbare erfenis kan uitgebou en herdenk word deur 'n storiefees.

Waar daar mense is, moet daar geskiedenis wees, en waar daar geskiedenis is, moet daar stories wees, en waar daar stories is, moet dit vertel word...

# 3. Volksverhale dra waardes oor

Storievertelling is die mens se oudste manier van onderrig. Lank voordat ons geskrewe literatuur ontwikkel het, was daar 'n storie vir elke lewensles, vir jonk en oud. Waar daar nie 'n storie bestaan het vir 'n probleem of uitdaging nie, het mense 'n nuwe storie geskep om die gebeurtenis te verwerk.

Tradisionele gemeenskappe was vol goeie storievertellers en leermeesters. Stories was gemeenskaplike eiendom en nie private besittings nie. Die ou San-mense het gesê dat hul "kukummi", hul stories, op die wind dryf, en van mens tot mens en plek tot plek waai. Met elke vertelling het die storie 'n nuwe lewe, element of betekenis gekry. Orale literatuur was 'n lewende inheemse kultuur.

Stories was dikwels 'n formele ervaring in 'n gemeenskap. Elke ritueel het sy eie verhale gehad wat op spesifieke tye en plekke plaasgevind het. Hierdie literatuur is van geslag tot geslag oorgedra en ontwikkel. Dit was die mens se mondelinge biblioteek.

Net soos ons vandag verskillende genres in ons geskrewe literatuur het, was daar ook verskillende soorte stories in die tradisionele literatuur. Met 'n bruilof, byvoorbeeld, was daar 'n storieles oor die waardes wat in 'n suksesvolle verhouding gerespekteer moet word. In San-stories bring die hasie waardevolle boodskappe van die maan af, en diegene wat nie na die hasie se boodskappe luister nie, word gestraf en lei dus 'n ongelukkige gesinslewe.



In die storie "Bobbejaan en Springbokkie", (bladsy 58), lei hierdie twee se uiteenlopende behoeftes uiteindelik tot die einde van hul verhouding. Die onderliggende boodskap is dat twee mense dieselfde waardes moet deel om 'n gelukkige huwelik te hê.

Oorgangsverhale het sielkundige en ook praktiese lesse ingehou. Interessante jagterstories gaan byvoorbeeld oor hoe 'n jong man sy eerste eland geskiet het en verduidelik die sosiale en spirituele waardes daaraan verbonde. Die storie se temas leer die jong man hoe om 'n volwasse rol in die gemeenskap te speel. In die Nama-kultuur is daar vandag nog voorbeelde van "hok-stories". Gedurende 'n meisie se eerste maandstonde is sy in afsondering in die rituele hok of hut gehou. Hier het sy deur middel van allerhande inheemse rituele, liedere en stories haar nuwe rol as vrou leer ken. Die stories en liedere was dus 'n brug tussen kind- en vrouwees.

Historiese verhale het ook 'n gemeenskap se oorsprong verduidelik en hul identiteit versterk. Die Namakwalandse verhaal "Die drie Christelike manne" (bladsy 78) is 'n voorbeeld van 'n storie wat historiese elemente bevat en vanuit 'n godsdiens-oogpunt vertel is.

So ook het genesingsverhale spesifieke kennis oorgedra en die verhouding tussen geslagte van tradisionele genesers versterk. Ons dink aan die storie van die San se godola-plant, 'n soort groen spinasie-plantjie wat inheems is aan Angola en saam met die mense deur Suider-Afrika getrek het omdat die mense dit gebruik het om hulle gesond te hou en maagsiektes te genees.

Natuurbewaring is 'n sterk tema in ons volksverhale. Waterbronne, byvoorbeeld, is dikwels skaars in Afrika en het dus talle mitologiese stories oor respek, bewondering of vrees ontlok. Die gewilde Noord-Kaapse stories oor die skrikaanjaende groot slang wat in die water woon, met sy blink voorkop is 'n goeie voorbeeld.

Daar is ook stories oor hoe die mens net genoeg hout mag neem, of nie sommer voëls vir die pret mag skiet nie. Hierdie volksverhale het van geslag tot geslag "op die wind gewaai" en so is aan almal vertel hoe die mens gestraf word as hy die natuur misbruik. By die Moloporivier vang die groot slang jou as jy durf waag om die water sonder sy toestemming te gebruik. In die Kalahari bloei die boom se hart as jy sy takke afbreek. Die gees van die boom vloei in jou gees in en dan begin jou arms bloei. Die pam-pam-voël fluit sy boodskappie aan die jagter: "Neem net een van my veertjies vir jou pyl, anders is daar nie meer vere ná die volgende volmaan nie."

Natuurstories was 'n konstante herinnering daaraan dat die mens en die natuur 'n verhouding met mekaar het; dat hulle 'n spirituele en materiële ekologie deel en dus van mekaar afhanklik is. Die Nama-mense lewe al amper 2 000 jaar lank in die Richtersveld met hul vee. In hierdie onherbergsame omgewing groei daar nog steeds die wêreld se grootste natuurlike versameling vetplante. Dit getuig van hierdie kultuur se vermoë om natuurbewaring toe te pas. Hul stories was deel van hul natuurbewaring en onderrigmetodes.

Oorsprongverhale of -mites het die verhouding tussen die elemente van die natuur ondersoek en simbolies voorgestel. Onder meer is die mens se eue oue fassinerings met die oorsprong van die wêreld in kleurrike verhale oorvertel. Die "Boesman se Son" is 'n voorbeeld van hoe mense die oorsprong van die son op 'n mitologiese manier probeer verduidelik het.

Vermaaklikheidsverhale soos "Volstruis en Skilpad" (bladsy 90) het ook sosiale waardes uitgebeeld. Skilpad wen die resies omdat hy en sy familie saamwerk. Volstruis verloor omdat hy so hardkoppig en eiewys is. Die verhaal oor die "Meermin" (bladsy 51) handel onder meer oor die gierigheid van mense.

Ons kan dus sien dat die verlies aan ons inheemse verhale 'n geweldige verlies aan kulturele kennis en waardes is.

### Sonder grond en sonder stories

In Suid-Afrika, soos ook elders in die wêreld, het die geskiedenis van grondbesit 'n regstreekse verband met inheemse kennis. "Ons kon nie ons ou stories vertel nie, want ons bome en plante was nie meer om ons nie." Piet Witbooi van Riemvasmaak in die Noord-Kaap verduidelik hoe hulle hul stories verloor het toe die Suid-Afrikaanse Weermag hul grond in besit geneem het. "Ons het baie verloor. Die stories het ook verlore geraak. Hoe vertel jy 'n storie oor 'n kokerboom aan 'n kind wat nog nooit een gesien het nie? Hoe vertel jy die storie van die Moloporivier as daar geen rivier om jou is nie? Die storie van die witkruisarend in die berg of die afkopperd by die groot klip, die rooi rivierklei wat goed is vir sonbrand? Nee, hulle het ons stories ook weggevat."



*Kokerbome naby Garies.*

Ons reg tot inheemse volksverhale en ons reg tot ons grond loop hand aan hand. Die grondherstelproses in Suid-Afrika het ook betrekking op ons inheemse kultuur. Volksverhale is 'n belangrike deel van ons erfenis.

## 'n Brug tussen orale en geskrewe literatuur

*Stories op die wind* is 'n versameling stories wat leerders, onderwysers en ouers gedokumenteer het. Gedurende werksessies het die jong mense nuwe betekenis in die stories gevind en dit in geskrewe literatuur omgeskep. Hulle het dus die verband tussen tradisionele, orale literatuur en moderne, geskrewe literatuur oorbrug. Elke element van die intrige, metafoor en simbool is afgestof en ondersoek en die verlore elemente is weer bygevoeg. Inheemse simbole en verwysings is nagevors en nuwe weergawes is geskep. Sommige Westerse name het weer hul oorspronklike inheemse name teruggekry en plante het weer hul plaaslike name gekry. Die stories in hierdie versameling getuig dus van die herstel van regte tot inheemse kennis; die viering van inheemse kultuur.

## Universele temas: Wat maak 'n storie inheems?

Dit is interessant om kultuur-spesifieke temas in volksverhale van verskillende tye en plekke dwarsoor die wêreld te ondersoek. Een van die geheimsinnigste kultuurverskynsels is dat dieselfde soort stories en dieselfde temas dwarsoor die wêreld voorkom in plekke en kulture wat nooit met mekaar in kontak was nie. Daar is byvoorbeeld merkwaardige ooreenkomste tussen die 17<sup>de</sup>-eeuse Duitse sprokie "Rooikappie" en die Nama se "Karlientjie" (bladsy 91). Hierdie universele temas, simbole of figure word "argetipes" genoem. Aspoestertjie-temas kom ook voor in stories uit Asië en Afrika. Die Skandinawiese trol het dieselfde eienskappe en rol as Afrika se tokkelos of die Noord-Kaapse mensvretertjie. Die antieke fabels van die Griekse skrywer Aesopus weerspieël baie van die ou San-stories se dieremanewales. "Jantjie Rooiklaas" van Kharkhams is 'n klassieke werkersklasstorie en die ekwivalent van die Middeleeuse Europese verhaal "Robin Hood". Die verskil is net dat Jantjie Rooiklaas soos 'n Oosterse djinni ("genie") van vorm kan verander en mense so om die bos lei.

Wat maak 'n storie inheems of universeel? Daar is 'n baie fassinerende teorie oor hoekom die wêreld se volksverhale universele temas en patrone deel, en daar is ook baie literatuur oor hierdie onderwerp. In Suid-Afrika weet ons byvoorbeeld dat inheemse stories dikwels deur die Europese volksverhale beïnvloed is en ook andersom, soos wat die stories oorvertel is en "op die wind gewaai" het. Baie van hierdie stories is honderde en dikwels duisende jare oud en het oorloë, natuurrampe en kulture oorleef. Daar is dus geen oorspronklike, korrekte weergawe of spesifieke skrywer van 'n tradisionele storie nie. Die patrone, temas en argetipiese karakters deel 'n universele menslikheid en word dikwels (maar nie altyd nie) kultuur-spesifiek in die oorvertelling.

### **Dieper betekenis: Waaroor gaan 'n storie?**

Omdat volksverhale die menslike ervaring deur simbole en argetipes verteenwoordig, is daar eindelose ruimte vir die interpretasie van 'n storie. Agter die verhaal, as jy die verhaal sien as die aaneenskakeling van gebeure in 'n storie, is daar dikwels 'n ingewikkelde netwerk van simbole en verwysings wat 'n mens die onderliggende of dieper betekenis kan noem. Die Bybelse gelykenis van Die Saaier in Mattheus 13 of die Tien Maagde in Mattheus 25 is goeie voorbeelde van hoe 'n verhaal of die oppervlak van 'n storie 'n dieper simboliese betekenis kan hê.

In die Noord-Kaapse storie "Karlientjie" (bladsy 91) en ook in "Die Mensvretertjie", ontmoet ons 'n verdwaalde dogtertjie wat met die hulp van die woud se diertjies gevare die hoof bied en haar weg terug huis toe vind. Karlientjie se reis deur die woud is simbolies van die gevare wat kinders kan teëkom as hulle ver van 'n veilige plek afdwaal. Die diertjies en die rivier in die storie is simbole van 'n gesonde en veilige verhouding tussen mens, dier en natuur.

Ons kan hierdie storie op drie vlakke interpreteer:

<b>Verhaal</b>	<b>Struktuur of patroon</b>	<b>Simboliese betekenis</b>
Karlientjie verdwaal.	Protagonis/heldin is in gevaar.	Karlientjie is simbool van weerloosheid en onskuld.
Karlientjie en padda help mekaar.	Diere help mens om probleme op te los.	Padda is simbool van spirituele hulp.
Sy en poukuiken help mekaar.	Genesing vind plaas deur samewerking.	Poukuiken en Karlientjie is simbool van samewerking tussen mens en natuur.
Mensvretertjie vang haar.	Die antagonis bedreig die heldin.	Mensvretertjie is simbool van boosheid en gevaar.
Diertjies help haar ontsnap.	Natuur help heldin na veiligheid.	Diere en rivier (natuur) is simbool van veilige oplossings.
Sy is weer veilig tuis.	Goed oorwin kwaad.	Huis is simbool van veiligheid en bewaring.

Wanneer ons na die stuktuur of patroon in die middel kyk, kan ons sien hoe universele patrone en temas in plaaslike vorms gestalte kry. Ons kan ook sien dat dit moontlik is om vanuit hierdie patrone nuwe stories te skep.

Daar is 'n herlewing in baie wêreldkulture van inheemse mense se volksverhale. *Stories op die wind* is 'n versameling Noord-Kaapse stories wat deel is van hierdie wêreldwye beweging om weer ruimte te bied aan inheemse kulture, hul inheemse regte te herstel en tradisionele elemente weer te betrek by die hedendaagse opvoedingsituasie. Op hierdie wyse word opvoeders, hul leerders en die gemeenskap bewaarders van hul kultuur.

# 4. Volksverhale is deel van die geskiedenis

Hierdie kort historiese agtergrond oor die Noord-Kaap is beperk tot die rol van volksverhale in bepaalde gemeenskappe.

## Die oorsprong van volksverhale

Alhoewel die inheemse mense van Suid-Afrika nie hul geskiedenis te boek gestel het nie, beteken dit nie dat hul geskiedenis en erfenis nie oorleef het nie. Ten spyte van politieke struikelblokke het die mense se stories, en tot 'n sekere mate die kuns van storievertel, die pre-koloniale, koloniale en apartheidstydperke oorleef. As gevolg van mondelinge oorlewering is hul erfenis in die vorm van stories, musiek en speletjies van geslag tot geslag oorgedra.

Maar soos die titel van die handleiding aandui, waai stories op die wind en daarom is dit moeilik om die oorsprong van 'n storie vas te stel. Soos die Khoekhoe en San gereis het, het hul stories ook saamgereis. Van dié stories het agtergebly en ander het verder gereis. So is dit oor die jare vertel en oorvertel.

In hierdie projek kan ons nie seker wees of die oorsprong van 'n volksverhaal wel van 'n spesifieke groep soos die San-, Nama-, Namakwa- of Griekwa-gemeenskappe is nie. Terwyl die oorsprong van sommige volksverhale, soos byvoorbeeld "Volstruis en Skilpad" (bladsy 90) uit enige San- en Khoekhoe-gemeenskap kon kom, is daar tog stories wat wel leidrade van die oorsprong daarvan verskaf. In die storie "Die Afkopman wat met jou praat" (bladsy 82) vertel die

storieverteller van 'n Nama-held wat gesterf het in 'n skermutseling tussen die Nama en die San. Omdat die afkopman in die storie as 'n Nama-held beskryf word, kan ons aflei dat hierdie storie in die Nama-gemeenskap oorleef het.

### **Die doel van kukummi**

Storievertel is 'n kuns wat deur inheemse mense vervolmaak is. Dit is gebruik in die dae toe daar nog nie radio's, televisie en rekenaarspeletjies was nie. Toe is daar saans langs die vuur, of by die stoof, in die jagveld of gedurende belangrike rituele baie tyd aan stories afgestaan. Hierdie stories het oor die mense se geskiedenis gehandel, hul kultuur, toekomsprojeksies, erfenis en legendes. In die Khoekhoe- en die San-gemeenskappe is daar soms tot laataand stories vertel. Na 'n suksesvolle jagtog het die jagters geesdriftig en in die fynste besonderhede die jagtog oorvertel. Selfs gedurende die tradisionele danse is die stories geesdriftig met handgebare vertel.

Die San is goeie vertellers en storievertel was 'n belangrike deel van hul kulturele gebruike. Hulle het volksverhale van geslag tot geslag oorvertel. In die bekende Bleek-versameling wat tussen 1850 en 1900 oor die !Xam opgestel is, is baanbrekerswerk oor die San gedoen. Dit het ook aan die lig gekom dat die San hul eie woord vir storievertel het. Dit staan as "kukummi" bekend. Hulle het aanvanklik wydverspreid in Suid-Afrika gewoon, daarvan getuig die rotstekeninge wat feitlik oor die hele land aangetref word. Hulle het in klein groepe gewoon, en hierdie groepe het soms oor en weer gekuier. Sulke kuiery het altyd tyd gemaak vir "kukummi". Dan is daar met groot oorgawe gesels. Met hierdie geleentheid is nuus oorgedra, soos wat die televisie en ander media dit vandag doen. In ander inheemse Afrika-kulture is nuus soms deur middel van tromme oorgedra. Mense wat ver van die tromslaners af was, kon dus ook na die boodskap luister deur dit van die tromslae af te lei.




## Volkverhale in jag

Kukummi het nie net oor nuus gehandel nie. Onderwerpe soos historiese gebeure is ook so oorgedra. Kukummi is ook gebruik om uiters belangrike lewenslesse by kinders tuis te bring. So is die kinders geleer dat hulle die gesagstrukture moes respekteer. Hulle is geleer om mekaar en volwassenes te respekteer en verdraagsaam te wees.

Met die kukummi het die San ook oor hul helde gepraat. Dit is hoe die kinders geleer het dat as 'n leeu een van die San-jagters gevang het, dit die taak van die groepleier was om wraak te neem. Hy moes met een enkele pyl die leeu gaan soek en doodskiet. Die leeu se vel sou aan sy volgelinge bewys dat hy wel die leeu doodgeskiet het. Daar is soms vertel van die "Groot Jagters" wat, in gevalle waar leeus byvoorbeeld ander jagters gevang het, op tot soveel as drie leeus moes wraak neem. Die "Groot Jagter" het dan 'n uitmergelende stryd gehad om die leeus op te spoor en een ná die ander met akkurate pyle dood te skiet. Ná vele sonne en mane het die "Groot Jagter" weer by sy groep uitgekóm met drie leeus se velle. So is ook soms aan die kinders deur kukummi kennis oorgedra oor hoe 'n pyl vervaardig word en wat die funksie van elke deel van die pyl is.

### *Voorstelling van 'n San (Boesman) se pyl.*



Die pyl bestaan uit 'n skag, skakel, kragie en pylpunt. Die agterste deel staan bekend as die skag. Die skag word met die skakel aan die kragie van die pyl verbind. Die kragie is weer met die pylpunt verbind. Elke deel het 'n bepaalde doel gehad. Die skag is nodig om die pyl vorentoe te dryf. Wanneer die pyl sy teiken getref het, het die skakel verseker dat die pylpunt en die kragie in die prooi agterbly. As die skag nie afval nie, kan die prooi maklik die pyl afskud voordat die gif

begin werk het. Die mans het hoofsaaklik met pyl en boog gejag. Die boogsnare is van dierseninge gemaak en die boog self is uit hout vervaardig.

In die verlede was die San-manne die jagters en die vroue het veldkos versamel, hoewel hierdie rolle soms gedeel is. Vleis van diere het ongeveer een derde van die totale dieet opgelewer. Twee derdes van die dieet het uit veldkos bestaan wat bessies, heuning, wilde vrugte, bolplante, ens. ingesluit het. Deur kukummi is die kinders van kleins geleer watter veldplante giftig is en watter geëet kan word.



*'n San-hut te Andriesvale.*

Vanweë hul nomadiese leefwyse het die San nie permanente huise gebou nie, maar eenvoudige grashuise wat afgebrand is wanneer hulle na 'n nuwe gebied verskuif het. Met die verloop van tyd het hierdie leefwyse, weens verskeie mense se aanspraak op grond, konflik met veeboere en ander groepe, soos die Namakwas, die Basters en blankes, veroorsaak. Die San

het voortdurend aanvalle op die veeboere geloods om hulle so te ontmoedig om hulle op hul grond te vestig. Die San se weerstand is toe met kommando's gebreek, want hul pyl en boë was nie opgewasse teen die veeboere se gewere en perde nie.

Soos die San se leefwyse verander het, het dit 'n impak gehad op die manier hoe hulle hul stories vertel het. Alhoewel hierdie stories vir geslagte oorgedra is, bestaan daar die moontlikheid dat die stories afgewater is, en fasette verloor of bygekry het. Dit is ook waar dat 'n storie in die oorvertelproses sekere aspekte kan verloor of bykry.

### **Storievertel as deel van daaglikse lewe**

Die Namakwas is 'n Khoekhoe-groep wat ná die San in die Namakwaland-gebied ingetrek het. Namakwaland is na hulle

vernoem. Hulle was semi-nomadies en het nie baie van die San verskil nie. Die enigste werklike verskil tussen die San en die Namakwas is die feit dat die San primêr jagter-versamelaars was en die Namakwas weer hoofsaaklik veebesitters. Net soos die San was die Namakwas ook goeie storievertellers.

Die Namakwas en die Nama het dieselfde voorouers. Volgens die Elphick-teorie was hulle een groep wat saam getrek het. In die Karasburg-gebied in Namibië het die groep in twee verdeel. Die Namas het hulle noord van die Oranjerivier gevestig en die Namakwas suid. Later het van die Nama ook deur die rivier getrek en hulle suid van die rivier gevestig.

Hulle was dus van die eerste permanente inwoners van Namakwaland. Die Namakwas het in *matjieshuise* (rondehuise) gewoon. Basters en blankes het ook later in soortgelyke matjieshuise gewoon, en soos die naam aandui, is die huise met rietmatjies oordek. Die Namakwas was veeboere van Namakwaland en het soms hul vee so ver as die Olifantsriviervallei (die Clanwilliam-Citrusdal-omgewing) laat wei.



*Luyanda met storieverteller oom Tompie by 'n matjieshuis.*

Hulle het groot troppe vetstertskaape, langhoringbeeste, bokke en pak- en ry-osse besit. Later het hulle ook donkies, muile en perde by hul kuddes gevoeg. Rykdom is in veegetalle gemeet en dit was niks snaaks om Namakwa-veeboere te kry wat tot 4 000 beeste en 3 000 skaape besit het nie.

Die vee is deur die seuns en volwasse mans opgepas. Kleinvee moes deur die seuns en grootvee deur die mans opgepas word. Gewoonlik was die veewagters arm mans wat nie self vee besit het nie. Tog was dit moontlik dat hulle later self vee kon besit. Die veebesitters het veewagters normaalweg met kos en vee betaal. Soms kon die

veewagter die helfte van die vee kry, nadat hy vir 'n sekere tyd by die eienaar gewerk het. Ná sy dood het die veebesitter se seuns sy vee geërf, hoewel sommige groepe net die oudste seun laat erf het. Andere het weer voor hul dood reeds die vee van die kinders (seuns en dogters) aan hulle gegee.

Veeboerdery vereis weivelde en drinkwater. Die Namakwa-boere het hul vee in die winter in die winterreënvalgebied laat wei en in die somer opgepak en na die somerreënval-gebied getrek. Met verloop van tyd, veral ná die vestiging van nedersettings, is die veeposstelsel ontwikkel. Dit sal gewis interessant wees om by die ouer mense die storie van die veeposte te gaan navors.

Normaalweg het die Namakwa-veeboere drinkwater van fonteine, putte, gôrras, panne, oop water op klipbanke, nie-standhoudende riviere, ens. verkry. Met die koms van Baster- en blanke veeboere is gronddamme gemaak. Wanneer die rivier afgekom het, is die water daarin opgegaar. Uit hierdie damme is weer leivore gegrawe waarlangs water na die gesaaides gelei is. Dit is miskien een van die redes hoekom daar baie volksverhale oor riviere is. Stories oor die groot slang was die gewildste. Dit wys dat die Namakwas, soos ander groepe, baie waarde aan water geheg het. Die vroeë leefwyse van die Namakwas help ons om die volksverhaal en die simboliese betekenis daarvan te verstaan.

Die Namakwas het egter net soos die San gejag en soos ander Khoekhoe-groepe geglo dat die wild wat doodgemaak word of vee wat geslag word onder alle mense in daardie groep verdeel moes word.

Die Namakwas se godsdiens is op die natuur gegrond. Die maan was vir hulle belangrik, omdat hulle met volmaan of nuwemaan hul tradisionele danse en reënmaak-seremonies uitgevoer het. Die mans het gewoonlik gedans (net soos by die San) en die vroue het die

musiek gemaak deur te sing en ritmies hande te klap. Mettertyd is die musiek ook deur mans gemaak. Die Namakwas het ook van Tsui-//goab gepraat. Laasgenoemde was die skepper van die Khoekhoe en het ook oor die Khoekhoe se gesondheid wag gehou. Hy was ook die bron van voorspoed en oorvloed en die verskaffer van reën. Daar was ook 'n slegte wese bekend as //Gaunab. Hy was verantwoordelik vir siekte en dood. Benewens hierdie twee wesens was daar 'n derde wese bekend as Heitsi-eibib. Hierdie wese is verskeie kere op verskillende plekke dood, maar het weer opgestaan. Elke keer het hy in 'n ander gedaante opgestaan. Sy grafte is oral aangetref. Dit is goed vir mense wat daar verbygaan om 'n klippie, tak, deel van jou klere of die vel van 'n dier op die graf te sit. Daarmee vra jy vir 'n voorspoedige en veilige reis. Op dié manier skep jy 'n band tussen jouself en 'n spirituele krag.

Daar word ook oorvertel dat daar ander interessante bygelowe onder die Khoekhoe was. So is daar byvoorbeeld geglo dat 'n warrelwind iets van die duiwel is en dat dit slegs gekeer kan word deur water reg in die pad van die wind te spat. As jy nie die warrelwind keer nie, sal iets slegs met jou gebeur. Meer onlangs word vertel dat die wind ook gestop kan word deur paaiend te fluit.

Die Namakwas het ook van Tsui-//goab gepraat. Maar met verloop van tyd en in ander politieke omstandighede het die meeste van die Namakwas hul taal verruil vir Afrikaans. Die volkstverhale wat die deelnemers nagevors het, is in Afrikaans vertel, maar vroeë storiëvertellers het nie die storie in Afrikaans vertel nie. Dit is dus baie interessant dat die storie in 'n ander taal oorleef het.

## **Grondbesit in volkstverhale**

Soos die Namakwas het die Griekwas ook vanuit die Piketberg-omgewing na Namakwaland verhuis. Die eerste leier van die Griekwas was Adam Kok I. Daar is meer as een storie oor die herkoms van Adam Kok. Enersyds word beweer dat hy 'n vrygekoopte slaaf

was en andersyds word beweer hy was die seun van 'n Khoe-vrou en 'n Hollandse man (wat 'n kok op een van die Hollandse skepe was). Aangesien die seun die eerste kind van 'n blanke in die betrokke Khoe-groep was, is hy Adam genoem (wat "eerste" beteken). Die feit dat sy pa 'n kok was, het aanleiding gegee tot die van "Kok". Adam Kok I het saam met sy twee seuns, Cornelis en Solomon, hul eie onderneming begin. Hulle was grootwildjagters wat diere soos olifante en leeus gejag het, maar het van 1776 ook die plaas Elandsfontein in die Koperberge gehuur. Later het die twee seuns hul eie plase in Namakwaland bekom. Hulle was ryk veeboere wat duisende stuks klein- en grootvee besit het. Hul invloed het tot anderkant die grense van Namakwaland gestrek, tot so ver soos die hedendaagse Griekwaland-Wes. Dit is miskien een van die redes hoekom die volksverhaal "Die drie Christelike manne", wat Adam Kok se leierskap besing, nog altyd op die wind waai in Namakwaland.



*Die Oranjerivier naby Upington.*

Die groep van Jager Afrikaner, wat ook "Basters" of "Oorlams" genoem is, het ook naam gemaak in die Oranjerivier-gebied. Hy was die seun van Klaas Afrikaner of !Garuxameb, wie se grond ook deur die Hollanders afgevat is. !Garuxameb het wraak gesweer.

Hy sou alles in die stryd werp om sy mense se grond terug te kry. Sy

seun Jager en sy kleinseun Jonker het vir 'n lang tyd 'n skrikbewind langs die Oranjerivier gevoer. Hulle het sonder aansien des persoons aanvalle op die San, die Khoekhoe, die Basters en die blankes suid van die Oranjerivier geloods. In sulke aanvalle is vee afgevat en so het die kuddes van die Afrikaners aangegroei. Later het hulle noord van die Oranjerivier ook voortdurende aanvalle op die Khoekhoe, die Herero's, Damaras en die Owambo's geloods.

Teen die einde van die 1800's het daar nie veel van die Namakwas en die Griekwas se tradisionele leefwyse oorgebly nie. Net soos die San het hulle ook in 'n groot mate die Westerse kultuur aangeneem. Ná die totstandkoming van die nuwe demokrasie in 1994 het al meer afstammelingen van inheemse groepe hul egter begin vereenselwig met hul herkoms en deesdae is daar immers al Namakwalanders wat na hulself as Nama, Koranna, Griekwa of San verwys.

#### *Khoekhoe-woorde in Afrikaans*

- Plekname – Namakwaland, Karoo, Gamka, ens.
- Dierename – kwagga, gogga, geitjie, koedoe, ens.
- Plantname – boegoe, dagga, koekemakranka, kambro, karee, ens.
- Ander name – kerie, karos, abba, aitsa, eina, ens.

## **Volkverhale as voorbeeld van inheemse kennisstelsels**

Die Noord-Kaap het 'n rykdom van inheemse kennisstelsels, soos die medisinale gebruik van inheemse plante. So is die *Hoodia girdonii* deur inheemse mense gebruik om te voorkom dat hulle gou honger of dors word. Talle ander plante is vir verskeie siektes gebruik, plante soos wildeals, Jantjie Bêrend of kalkoenbos en die aalwyn. Inheemse vroue het altyd veldkos versamel soos uintjies, koekemakranka, wildekool, ens.

Volkverhale stel ons in staat om kennis oor die verlede te bekom. So het ons te wete gekom wie die eerste mense van Namakwaland was en hoe hulle geleef het. Die Khoekhoe is deur die Europeërs "Hottentotte" gedoop, vanweë die manier waarop die Khoekhoe gepraat het. Die Hollanders het gesê die Khoekhoe kloek soos hoenders. Die klanke wat hulle voortgebring het wanneer hulle 'n sekere dans gedoen het, het ook soos "hot-en-tot" geklink – vandaar die naam.

## **Hoe koloniste die volksverhale vir eie gewin gebruik het**

Die vestiging van die Nederlandse verversingspos aan die Kaap het uiteindelik ook Namakwaland beïnvloed. Reeds gedurende die vroeë jare van die Kaapkolonie het die koloniste van die bestaan van die Namakwas verneem, onder meer van die Skiereilandse Khoekhoe soos die Goringhaikwa, die Goringhaikona en die Gorachoukwa. Hulle het vertel van die baie koperware wat hulle by die Namakwas gesien het. Die koloniste het so gehoor van 'n fabelagtige rivier, die Vigiti Magna, en hulle het gedink dat die Namakwas geweet het waar die rivier is. Ook het die koloniste geglo dat die Namakwas geweet het waar die legendariese ryk van Monomotapa was. Dit was dus vir die koloniste van kardinale belang om die Namakwas te ontmoet, en daarom is verskeie ekspedisies uitgestuur om die Namakwas op te spoor.

Gedurende 1659 en 1664 is vyf ekspedisies uitgestuur om hierdie fabelagtige plekke te gaan soek. Verkenner soos Cruijthof, Olof Bergh en Pieter van Meerhof is deur die Hollanders uitgestuur. Van Meerhof het tot by die Namakwas in die Kamiesberge gevorder. Die eerste werklike suksesvolle poging om by die koper uit te kom het eers in 1685 plaasgevind toe goewerneur Simon van der Stel na die Koperberge gereis het. Van der Stel het in 1685 naby Carolusberg 'n gat laat grawe en wel koper gekry. Die gat is toe die Van der Stel-myn gedoop en dit is vandag nog 'n toeriste-attraksie. Historici het sedertdien na Simon van der Stel as die ontdekker van koper verwys, maar die waarheid is dat die Namakwas lank voor die geboorte van Van der Stel reeds koper ontgin, gesmelt en verskeie voorwerpe daarvan gemaak het.

Die koms van die blanke het egter 'n groot invloed op die lewe van die San en die Khoekhoe gehad. Vanaf die begin was daar dus druk op die kennisstelsels van die inheemse mense. Die nuwe intrekkers het ook neergesien op die kennisstelsels van die inheemse mense, of hulle het dit tot hul eie voordeel aangewend en deel gemaak van hul



die kennisstelsels. Ten opsigte van die medisinale gebruik van plante het die koloniste baie by die inheemse mense geleer. Hulle het hierdie kennisstelsels oorgeneem en deel gemaak van hul eie.

Aan die ander kant is die inheemse mense se volksverhale as onbelangrik en minderwaardig afgemaak. Hoe meer kontak die inheemse mense ook met die koloniste gehad het, hoe meer is hulle tot die besef gebring dat hul kultuur en inheemse kennisstelsels met die Westerse kultuur moes meeding. In die huise van die koloniste is daar nie oor die kennisstelsels van die inheemse mense gepraat nie. Daarenteen is die inheemse mense toenemend verplig om die koloniste se kennisstelsels aan te neem.

## **Moelike tye vir volksverhale**

Die stryd tussen inheemse mense en die koloniste het nie net op die terreine wat hierbo bespreek is, plaasgevind nie, maar ook om grondgebied te bekom.

Klaarblyklik het die Namakwas aanvanklik hul vee veel verder suid, tot so ver as die Olifantsrivier-gebied, laat wei, maar met die koms van die koloniste moes hulle verder noordwaarts uitwyk. Hulle het egter nie sommer net padgegee nie. Saam met die San het hulle die koloniste met aanvalle probeer terugdryf. Nodeloos om te sê, moes die inheemse mense swig voor die mag van die geweer.

### *Krotoa en Pieter van Meerhof:*

Pieter van Meerhof was die eerste wit man wat met 'n Khoekhoe-vrou getrou het toe hy met Krotoa in die huwelik getree het. Krotoa was aanvanklik Van Riebeeck se huishulp, maar op die ouderdom van 15 jaar het sy die Hollanders se hoofonderhandelaar met die Khoekhoe geword. Sy het hierdie pos gekry omdat sy Nederlands, Portugees en verskeie Khoekhoe-tale vlot kon praat.

Die verwoestende pokke-epidemie van 1713 (wat van Europa oorgebring is) het die getalle van die Khoekhoe drasties verminder. Verder het die daaropvolgende groot droogtes en veesiektes die Khoekhoe se kuddes uitgedun. Nadat die koloniste die gebied betree het en daarop uit was om die inheemse groepe se grond en vee te bekom het die Khoekhoe ook erg onder die koloniste se strooptogte deurgeloop. Hierdie konflikte en die pokke-epidemie het die Khoekhoe-gemeenskap in so 'n mate afgetakel dat hulle toe as veewagters by die blanke boere gaan werk het of die gebied verlaat het deur noordwaarts te trek.

Wit mense het die eerste keer in 1738 in die Gariiep-gebied aangekom. Hulle het die werf van ene Kaptein Gal bereik en op 'n sluwe manier die mense se vee geroof. In die proses is Kaptein Gal vermoor. Op pad terug het die koloniste ook die kraal van Kaptein Aisie in Klein Namakwaland aangeval en hul vee geroof. Met hul tuiskoms het hulle nie die gesteelde vee met die Khoesan-veewagters gedeel, soos vooraf beloof is nie. Die vee is eerder gedeel met van die ander wit veeboere. Die Khoesan-veewagters het toe by die goewerneur gaan kla, en stawende getuienis is gelewer deur verskeie Namakwa-kapteins soos Plato, Vulcanus en Aisie van Klein-Namakwaland en Kaptein Gaaren, die seun van die vermoorde Kaptein Gal. Toe dit blyk dat die koloniale regering traag is om op te tree, het die Khoesan-veewagters strooptogte op die grensboere uitgevoer. Die wit boere, daarenteen, het gedreig om teen die koloniale regering in opstand te kom as hy nie die inheemse opstandelinge op hul plek sit nie.

Die botsings van 1738 het daartoe gelei dat sommige Namakwa-groepe oor die Oranjerivier na Groot Namakwaland getrek het. Die koloniste het stelselmatig die Khoekhoe se weerstand deur die kommandostelsel afgebreek. In die kommandostelsel is ook ruimskoots gebruik gemaak van inheemse kennis, veral kennis van die natuur, soos die opsporingsvermoë van die San, die opsporing van

lewensnoodsaaklike waterbronne, die verkryging van eetbare veldkos en wildsvleis, ensovoorts. Sonder hierdie inheemse kennisstelsels sou baie kommando-pogings onsuksesvol gewees het omdat hulle nie in die natuur sou kon oorleef nie.

Teen 1740 was die koloniste in volle beheer van die grond in die suide van Klein Namakwaland. Al die Namakwa-kapteins wat die koloniale bewind aanvaar het, het 'n staf ontvang as bewys van hul onderdanigheid aan die regering. Die wit veeboere het stelselmatig die grondgebied van die Khoekhoe en die San binnegedring en vir hulle plase toegeëien. Die koloniale regering het nie veel gedoen om die intog van wit veeboere te stuit nie, en so het die volksverhale van die inheemse mense onder druk gekom. Die Westerse invloed het al verder uitgebrei en daar sou dus toenemend minder plek vir inheemse mense se eie kennisstelsels wees.

Mettertyd het die Kaapkolonie sy grense verder noordwaarts uitgebrei. Wat aanvanklik net 'n verversingspos sou wees, het 'n kolonie geword. Wat dus voorheen die grond van die Khoekhoe en die San was, het nou die grond van die koloniste geword. Nie net die grond is beset nie, maar die inheemse name is ook deur koloniale name vervang en so is die inheemse kennisstelsels deur koloniale stelsels vervang. Die !Kung- of Korsrivier het byvoorbeeld die Buffelsrivier geword.

Benewens die konflik tussen die koloniste en die Khoekhoe oor grond, was daar ook konflik tussen die Khoekhoe onderling en tussen die Khoekhoe en die San, veral in die Boesmanland. Laasgenoemde konflik het plaasgevind voor die koms van die koloniste. Die koms van die koloniste het egter net verder bygedra tot die konflik, want van die inheemse mense is deur die koloniste gebruik om veral strooptogte teen die San uit te voer.

## **Die impak van kerstening op volksverhale**

Kolonialisme het die tradisionele orde van die Khoekhoe en die San verpletter. Nuwe sosiale strukture is uit die konflik gebore. Deel van hierdie nuwe strukture was die vestiging van sendingstasies deur verskeie sendinggenootskappe. Die inheemse mense het besef dat die koms van die Christendom sosiale, politieke en ekonomiese voordele gebring het. (Dit is dalk ook die rede waarom Jager Afrikaner bereid was om af te sien van sy gewelddadige bestaan.) Dit het ook die skryfkuns gebring. By die sendingstasies is die inheemse mense geleer lees en skryf, sodat hulle veral die Bybel kon lees. Die inheemse mense het ander motiewe ook gehad. Vir hulle kon die sendelinge maklike toegang bied tot die Kaapse mark met sy noodsaaklike goedere soos gewere, buskruit, ensovoorts. Ammunisie was belangrik om baie vee te bekom en om welvarend te word.

Op Leliefontein is die Wesleyaanse Metodiste-sendinggenootskap gevestig met eerwaarde Barnabas Shaw as die sendeling. Die Metodistekerk wat opgerig is, staan nog vandag op Leliefontein. Nog sendingstasies is by Concordia, Steinkopf, in die Richtersveld en op Pella gevestig.

Aan die een kant het die sendingstasies verseker dat die inheemse mense geheel en al deur die koloniste se grondhonger opgeslurp sou word, maar aan die ander kant het dit ook die volkslegendes van die inheemse mense negatief beïnvloed. Die Westerse kultuur het nie ruimte gehad vir die volkslegendes van die inheemse mense nie. Met die kerstening van al hoe meer inheemse mense het van die volksverhale nie meer so 'n groot aanklank by hulle gevind nie. Die storievertelkuns het gevolglik onder druk gekom.

Die stigting van sendingstasies in Namakwaland het sy merk op die inheemse mense gelaat. Gaan stel vas hoe die sendingstasies die lewe van die inheemse mense beïnvloed het.

## **Die Suid-Afrikaanse Oorlog**

Die wit mense het intussen gevestig geraak en mettertyd het die twee Boererepublieke, naamlik die Oranje Vrystaat en die Transvaal, in die 1850's tot stand gekom nadat baie wit mense met die Groot Trek die Kaapkolonie verlaat het. Hulle wou nie meer onder Britse gesag staan nie en het hul eie regering verkies. Met die totstandkoming van die Boererepublieke kon hulle hul eie regerings kies. Teen daardie tyd was daar ook al twee Britse Kolonies, naamlik Natal en die Kaapkolonie. Brittanje was egter, veral na die ontdekking van goud, nie gediend met die bestaan van die twee Boererepublieke nie en het verskeie pogings aangewend om die twee republieke onder Britse bewind te kry. Die gedoemde Jameson-inval was die laaste poging wat tot die uitbreek van 'n volkskaalse oorlog sou lei.

In 1899 het die Suid-Afrikaanse Oorlog uitgebreek. Dit was hoofsaaklik 'n oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, maar mense van alle bevolkingsproepe het aan albei kante deelgeneem aan die stryd. Gedurende die oorlog is Okiep (O'okiep) deur die Engelse beset en die Boeremagte het nadat hulle die Engelse mag verdryf het hul hoofkwartier by Concordia ingerig. Die eerste Sondag wat die Boere op Concordia was, het hulle die huidige Verenigende Gereformeerde Kerk (klipkerk) van Concordia gebruik vir 'n kerkdien. Die diens is voorafgegaan deur 'n toespraak van generaal Jan Smuts.

By Calvinia is die bruin mense se ondersteuning van die Engelse oorlogspoging deur Abraham Esau gelei. Hy is later deur 'n Boerekommando op 'n wreedaardige wyse tereggestel. Daar is vandag nog mense in die Hantam wat die storie van Abraham Esau kan vertel, hoe hy en sy makkers die Boere se oorlogspoging teengestaan het. Daar is sekerlik baie stories oor Abraham Esau se dood in Calvinia vertel. Sy nasate sou beslis die storie van geslag tot geslag oorvertel het. Daar is vandag bejaardes wat nog stories van die Suid-Afrikaanse Oorlog kan onthou wat deur hul grootouers aan hulle vertel is.

## **Apartheid en grondaftakening**

Die latere beleid van afsonderlike ontwikkeling of apartheid het ook 'n invloed op Namakwaland gehad. Daar is mettertyd vyf Kleurling-sendingstasies in Namakwaland gevestig, naamlik Richtersveld, Steinkopf, Komaggas, Leliefontein en Concordia, om die bruin mense van die wittes te skei. Rondom hierdie sendingstasies het feitlik alle grond in die hande van wit mense geval vir veeboerdery en mynbou-aktiwiteite. Aanvanklik het die inwoners van hierdie reservaat binne die gebied gebly. Met verloop van tyd het veral die jonger geslag begin uitbeweeg vir naskoolse opleiding of werkgeleentede elders in Namakwaland. Sommige het selfs na die stede, veral Kaapstad, uitgewyk. Baie gesinne het ook die gebiede verlaat om ter wille van die skoolgaande kinders of ter wille van werk in die dorpe te gaan woon. Hierdie tendens word weerspieël deur die feit dat die reservaat se inwonergetalle sedert 1950 feitlik konstant gebly het.



*Opkomende boere naby Groot Mier.*

Teen 1950 het die situasie begin verander, aangesien skole tot stand gekom het en selfs winkels in die nabyheid gevestig is. Hierdie nuwe toedrag van sake het dus swaar druk op bestaansboerdery geplaas. Die koms van myne in Namakwaland het nuwe werkgeleentede

gebring en baie mans het daar gaan werk. Met die mans op die myne en die kinders in die skool het boerdery die vrou se verantwoordelikheid geword. Baie vroue moes dus nie net die pot aan die kook en die klere skoon hou nie, maar ook die lammers se pensse vol hou.

Hierdie toedrag van sake het ook 'n invloed op die volkslegendes van die inheemse mense gehad. By die myne het die mans, wat van inheemse herkoms was, met ander kulturele gebruike in kontak gekom. Hulle was skaam om hul eie inheemse kulturele gebruike uit te leef. Hulle het dus nie meer saans stories of volkslegendes langs die vuur vertel nie. Die vuur is deur moderne stowe vervang en die kampvuur het plek gemaak vir elektrisiteit. Stories is al hoe minder vertel en daar is al meer na radioverhale geluister. Hierdie stories het nie oor die volkslegendes van die inheemse mense gehandel nie, maar het 'n sterk Westerse inhoud gehad.

## **Afgenome grond word teruggeëis**

Die Restitusie-wet het voorsiening gemaak vir die terugeis van grond wat ná 1913 afgestaan is, en daarna het verskeie individue, gesinne, families en gemeenskappe hulle grond teruggeëis. 'n Voorbeeld hiervan is die Richtersveld-gemeenskap wat hul grond wou terughê. Verskeie ander eise is ook afgehandel, soos die dorpseise van Port Nolloth, Springbok en Kamieskroon. In hierdie gevalle het mense huise, wat hulle gedurende apartheid verloor het, teruggeëis. In die apartheidjare is hul huise platgestoot en hulle is teen hul sin op ander plekke hervestig. Geldelike vergoeding is aan die eisers uitbetaal. Hulle is dus deur die Kommissie op die Herstel van Grondregte vir hul verliese vergoed en so probeer die kommissie om 'n onreg wat onder apartheid gepleeg is, reg te stel. Die suksesvolle teruggawe van die inwoners se grondgebied skep die moontlikheid vir 'n herlewing van hul ontasbare erfenis.

# 5. Lesplanne

Daar is drie lesplanne: Afrikaans (Huistaal), Lewensoriëntering en Geskiedenis. Slegs 'n paar van die volksverhale word as bronne in die handleiding verskaf. Die ander volksverhale vir die Afrikaans- en Lewensoriëntering-lesplanne kan in die bloemlesing verkry word.

## 5.1 'n Lesplan vir Afrikaans (Huistaal)

### Onderwerp: Aardse stories uit die Noord-Kaap

Kernvrae:

1. Watter rol speel volksmites en tradisies in die stories wat in die Noord-Kaap vertel word?
2. Waarom is dit belangrik dat inheemse stories bewaar moet word?
3. Van watter nut is tradisionele stories vir jongmense?

LU 1;  
AS 1,3,4, 5,6,8

LU 2;  
AS 2,3,4,5,6,7

LU 3;  
AS 1,2,3,4,7,9

LU 4 ;  
AS 3, 4,5,6, 7,9

### Aan die onderwyser

*Literatuurkonteks:*

Die verhale wat in hierdie lesplan gedek word, is deur gewone lede van die gemeenskap geskryf as deel van 'n projek om inheemse kennis en tradisies te bewaar, asook om die ryke invloed van die †Khomani San, Nama en die Khoekhoe in Afrikaans te erken. Die volksverhale is óf individueel, óf as groepe binne 'n werksessiekonteks



geskryf. Sommige van die deelnemers aan die projek het min skoolopleiding gehad en ander kan nie lees of skryf nie. Die meerderheid het nog nooit 'n storie op papier neergeskryf nie. Leerders in die Senior Fase het ook deel uitgemaak van hierdie projek.

Dit in ag genome, is dit merkwaardig dat hierdie tradisionele volksverhale in boekvorm saamgevat gaan word en dat dit sodoende vir toekomstige geslagte bewaar word.

*Aktiwiteitsbenadering:*

Die onderstaande aktiwiteite is sover moontlik op 'n geïntegreerde manier benader, sodat taal, skryf, lees, praat en luister binne 'n konteks gedek word. Alhoewel daar riglyne vir assessering gebied word, kan die onderwyser sy/haar eie oordeel gebruik ten opsigte van die verskeie assesseringstegnieke. Dit is ook belangrik dat leerders die Noord-Kaapse konteks verstaan voordat enige van die aktiwiteite gedek word. Dit is dus raadsaam dat leerders ter inleiding kennis maak met die geografiese ligging van die Noord-Kaap, sowel as met die ryk menswees van die streek. Die onderwyser moet daarteen waak dat stereotipes rondom die bestaan van die #Khomani-San, Khoekhoe, Nama, ens. nie in die klaskamer bevorder word nie. Dit is ook belangrik dat die lewenswyses van hierdie Suid-Afrikaanse gemeenskappe in verband gebring moet word met die leerder se eie verwysingsraamwerk en dat 'n gesonde respek vir inheemse kennis gekweek word.

**Aktiwiteit 1 Lees (LU 2; AS 2, 3, 4, 5, 6, 7)**

**Periode 1 en 2**

Lees die verhaal "Una en die wolf" deur Nervon Jacobs en Elrico Kooper.

## Storie

### !Una en die wolf

*deur Nervon Jacobs en Elrico Kooper*

In die middel van die hoë kameeldoringbome, tussen die !Ghoi hakdoringbos in die Kalahari, het 'n ou Khoe-San gras huisie gestaan. In die huisie het 'n pragtige dogtertjie gewoon. Almal het haar !Una genoem.

Op 'n dag stuur haar ma haar na haar ouma !Nannaku toe met 'n kalbas vol !Ngabas, komkommers, bessies en tsannas. "Wees baie, baie versigtig my liewe kind," het haar ma gewaarsku.

!Una se moeder was baie onrustig en het agterna geroep: "Moenie afdwaal nie, hou op die pad vorentoe!" !Una het ge-antwoord: "Moet nie bekommerd wees nie, Mamma weet mos ek is 'n baie taktiek meisiekindjie, ek sal op die pad tussen deur die !ghoi-bosse en !huru-gras hardloop."

!Una het deur wonderlike rooi-vaal veld gehardloop, maar skielik sien sy die pragtigste groot !U-bessiebosse. Sy was so bly oor die geurige bossies dat sy skoon vergeet het wat haar moeder gesê het. Sy sit toe die kalbas neer en begin pluk. Uhhh, maar dit is lekker. Sy hardloop hiernatoe en soontoe, doef-daf, doef-daf, om meer bessies te pluk. O Gats! Skierlik onthou sy dat sy op pad was na haar ouma toe.

Vinnig tel sy die kalbas op en begin weer op die rooi voetspoorpaadjie stap, terwyl sy saggies sing: "!Thoi-een, Tham-twee, !Ona-drie, Haka-vier, Khoro-Vyf, Jesi-ses..." Om haar, word die rooi-groen Kalahari-bosveld al hoe dieper en dieper.

Skierlik sien sy pragtige duwweltjies wat so skuins tussen die dieldoring takkies staan. Oe, dit is die pragtigste lopende plant, dink

.....→ sy en loop om dit vir haar ouma !Nannaku te pluk. Weer eens verlaat sy haar padjie.

!Una weet nie dat twee verleidelike oë haar die hele tyd afloor nie. Sy hoor 'n vreemde geritsel. !Tho! Haar hart klop doe-da, doe-da. Skierlik praat 'n growwe diep stem hier langs haar en vra: "O, my liewe meisie, waarheen is jy op pad?"

Sy antwoord met 'n piepklein, bewerige stemmetjie: "Ek is op pad na my ouma toe."

Die groot silwer wolf, ewe vriendelik, vra haar oor haar ouma uit. Hy vertel toe vir !Una dat daar 'n kort paadjie is. Weg is die twee, elkeen in hul eie rigting. Die ou bouse wolf het natuurlik die kortste pad gevat en vind toe eerste die huisie in 'n rooi duinbak, tussen die !Ghoi-bosse. Hy het besluit om die ouma op te vreet en dan vir !Una in die bak te lê en wag.

Wolf klop aan die deur. "Wie is dit?" vra ouma van binne af. "Dit is ek, !Una," antwoord die bedrieglike wolf en probeer !Una se stem naboots. "Ek het vir ouma al die lekkernye van die veld gebring."

Ouma !Nannaku nooi hom binne, maar te laat sien sy 'n groot skaduwee teen die grashuisie speel. Ag nee, arme ouma. Met een groot sprong gryp die wolf vir ouma en sluk haar in. Hy bedek hom toe gou-gou met ouma se lappieslap-kombers.

!una kom toe by die huisie aan. Sy klop saggies aan die deur. "Ouma, kan ek maar inkom?" roep sy uit.

Die wolf het sy stem weer verander. "Kom in, my kind!" !Una gaan toe binne. "Hoekom is ouma se stem so diep en grof?" vra sy verbasend.

"Sodat ek jou beter kan groet, my kind!" antwoord die wolf.

.....→



"Aai oe magtig, hoekom is ouma se oë so groot en gevaarlik?"

"Sodat ek jou beter sien, my blom."

"En hoekom is ouma se hande so groot!" roep !Una uit: "Hoekom is ouma se mond so groot?"

"Sodat jou kan hap," grom die wolf.

Hy kantel uit die uit bed om !Una te gryp, maar sy was te vinnig vir die nare groot wolf. Sy het so vinning as moontlik weggehardloop om hulp te soek.

Ou wolf was so vol dat hy op ouma !Nannaku se groot grassandbed bly lê het.

Hy raak toe vas, vas, vas aan die slaap.

Intussen het !Una in die groot jagter vasgeloop. "Geelpens, Geelpens! Die wolf het my ouma ingesluk. Help!"

Geelpens besluit om die wolf mors-morsdood te gooi met sy assegaai.

Die wolf met sy groot vol maag lê toe nog lekker in ouma !Nannaku se bed. Hy het nie eers die jagter nie gehoor nie. So waar as my mamma, hierdie keer sal jy nie wegkom nie! sê die jagter in sy gedagtes. Saggies haal hy sy assegaai uit en maak die venster suutjies oop. Hy lig sy hand op en meet reg op die wolf se kop. Goep, goep! Morsdood is die wolf.

Hy haal ouma toe uit die wolf se maag uit. Ouma was gelukkig nie beseer nie. !Una was baie bly. Die hele Khoe-groep het besluit om 'n vuurdans te doen om die wolf se dood te vier. Die jagter, Geelpens, was die aand 'n groot held in sy gemeenskap.

Vrae:

- 1.1 Hierdie verhaal herinner sterk aan 'n ander alombekende storie wat in die volksmond bestaan en wat in boeke opgeneem is. Wat dink jy is die naam van die storie wat hier as die onderliggende tema dien?
- 1.2 Watter woord in die eerste paragraaf dui op 'n tipiese storieverteltrant? Haal slegs die betrokke woord aan.
- 1.3 In paragraaf 3 is dit duidelik dat !Una se ma nie haar onrustigheid kon afskud nie. Wat dink jy het haar so gekwel?
- 1.4 Vind woorde in die verhaal wat aandui dat !Una 'n spesiale verbintenis met die natuur koester.
- 1.5 Volgens paragraaf 3 pluk !Una die bessies met twee vingers. Waarom gebruik sy hierdie omslagtige metode en nie haar hele hand nie?
- 1.6 !Una het nie haar ma se opdrag stiptelik uitgevoer nie. Watter woorde sou jy sê beskryf !Una se gedrag die beste:
  - (a) *onverskillig*
  - (b) *hardkoppig*
  - (c) *vergeetagtig*
  - (d) *kinderagtig*
  - (e) *kinderlik*
  - (f) *onbeskof*
- 1.7 Verskaf 'n woordeboekverklaring vir elk van die woorde genoem in nommer 1.6.
- 1.8 Bestudeer die teks sorgvuldig en lys die Khoesan-variante vir die volgende Afrikaanse woorde:
  - (a) *haakdoringbos*
  - (b) *inheemse komkommers*
  - (c) *bessiebos*
- 1.9 Die skrywerspan maak van verskeie kleure gebruik om die storie te vertel en om die omgewing te beskryf.
  - 1.9.1 Maak 'n lys van al die woorde wat kleurskakerings uitbeeld.
  - 1.9.2 Waarom, dink jy, is die kleurrike prent wat die skrywers vir

- die leser skets so belangrik?
- 1.9.3 Dink jy dat die wolf regtig 'n skitterende silwer pels gehad het? Ja/Nee. Waarom maak die skrywers van hierdie kleur gebruik om die wolf te beskryf?
- 1.10 Waar in Suid-Afrika speel hierdie verhaal af? Haal grepe of frases aan uit die teks wat jou antwoord staaf.
- 1.11 Verskaf 'n beskrywing van die omgewing waaraan !Una gewoon is.
- 1.12 Haal bewyse aan uit die teks wat daarop dui dat !Una se gesin afhanklik was van die natuur vir hul alledaagse bestaan.
- 1.13 Hoe verskil die omgewing waaraan jy en jou gesin gewoon is van !Una-hulle se omgewing?
- 1.14 Watter ooreenkomste is daar tussen !Una en die jongmense in jou buurt?
- 1.15 Die teks bevat heelwat unieke streekswoorde en ongewone uitdrukkings. Verklaar die betekenis van die onderstaande woorde en frases.
- (a) "Ek is 'n baie *tak-tiek* meisiekindjie..." (paragraaf 3)
- (b) "*Sowaar as my mamma*, hierdie keer sal jy nie wegkom nie." (par. 24)
- (c) "!Tho en haar hart klop doe, dam." (par. 7)
- 1.16 Hoe het die wolf daarin geslaag om vir !Una te uitoorlê?
- 1.17 Verduidelik kortliks hoe dit gebeur het dat die wolf dood is. Skryf slegs 'n opsomming van nie meer as 70 woorde.
- 1.18 Watter lewensles kan 'n mens uit hierdie verhaal leer?

### **Aktiwiteit 2: Skryf (LU 3; AS 1, 2, 3, 4, 7, 9)**

#### **Periode 3 en 4**

##### 2.1 *Kort skryfstuk:*

Jou jonger boetie in graad 3 is baie gefassineer met !Una en die wolf se mannewales. Hy smee nou al 'n geruime tyd dat jy die storie vir sy maats moet voorlees. Jy besluit egter om die storie met behulp van 'n strokiesprent te vertel, sodat hulle dit self kan lees.

Opdrag: Teken 'n strokiesprent bestaande uit 10 rame wat 'n uitbeelding is van die verhaal "Una en die wolf". Verander die taalgebruik en die woordeskat op so 'n manier dat 'n graad 3-leerling dit sal kan lees en verstaan.

Gebruik die onderstaande nasienlys om die opdrag te voltooi:

Instruksie-items	Ja	Nee
Ek het ...		
1. die storie "Una en die wolf" deeglik deurgelees		
2. die strokiesprent sorgvuldig beplan		
3. tien verskillende gekleurde raampies geteken wat 'n visuele uitbeelding is van die storie		
4. die verhaal opgesom en die woorde op 'n gepaste manier by elke raampie geskryf		
5. die taalgebruik en spelling nagegaan sodat 'n graad 3-leerder dit kan lees		
6. die proefstuk aan 'n klasmaat gegee om te proeflees		
7. die finale veranderinge aangebring en die stuk ingedien		

### Aktiwiteit 3: Skryf (LU 3; AS 1, 2, 3, 4 ) Periode 5

3.1 Lees die onderstaande reeks haikoe-gedigte en beantwoord die vrae. 'n Haikoe is 'n Japannese gediggie wat bestaan uit drie gewoonlik rymlose versreëls. Die versreëls beslaan onderskeidelik vyf, sewe en vyf lettergrepe. Gewoonlik handel die gediggie oor 'n bepaalde seisoen of een spesifieke tema.

- !Una kom kuier  
haar kalbassie vol groente  
en liefde van ma

2. haakdoringbossies  
bied vir oumatjies kossies  
soos manna van Bo
3. karooboegoebos:  
beter as penisillien -  
in hospitale!
4. die slinkse ou wolf  
soek 'n kans om te treiter  
en vermom homself
5. Die storie is waar:  
wolf het vir ouma geëet -  
haar "goeps" ingesluk

Skryf 'n reeks haikoe-gedigte (vyf altesaam) wat handel oor die *spreekwoordelike wolf* wat in jou buurt rondsluip en wat jongmense probeer verlei. Vertel van die potensiele gevare wat hy inhou en hoe 'n mens "hom" kan uitoorlê. Jy kan ook vertel van dié sulkes wat in die *wolf* se bedrieglike strik getrap het.

Gebruik die bostaande gediggies as voorbeeld. Sodra die gediggies klaar geskryf is, moet dit aan die klas voorgelees word.

*Aan die onderwyser:*

Leerders moet deeglike onderskraging van die onderwyser kry gedurende die skryfproses. Die struktuur van die haikoe moet goed verduidelik word. Die verdeling van woorde in lettergrepe moet ook hersien word, sodat leerders die korrekte ritme/tempo in die gediggies kan aanwend. Die reeks gedigte moet met mekaar verbind word op grond van die tema wat in die opdrag aan hulle gegee is. Leerders se insig ten opsigte van die wolf as 'n simbool vir onmin word ook hier geassesseer. Die onderwyser kan ook die doeltreffende gebruik van leestekens met die klas nagaan.



## Aktiwiteit 4: Luister en praat (LU 1; AS 1,3,4)

### Periode 6 en 7

Leerders moet die haikoes wat hulle geskryf het aan die klas voordra. Hulle moet dan individueel verduidelik waarom hulle sekere elemente en temas in die gediggies gebruik het. Leerders moet verder verduidelik hoe hierdie gediggies aansluit by die gevare wat in die leerder se woonbuurt/onmiddellike omgewing skuil. Alle simboliek wat in die kreatiewe stukke gebruik is, moet aan die klas verduidelik word. Die res van die klas moet aandagtig luister en terugvoer aan elke spreker gee. Gedurende die terugvoeringsessie moet die leerders slegs toegelaat word om by een geleentheid negatiewe kritiek te lewer. Die res van die kommentaar moet positief wees.

## Aktiwiteit 5: Taal (LU 4 ; AS 3,7)

### Periode 8 & 9

5.1 Die volgende is wetenskaplike plantname vir tradisionele spesies wat in die Noord-Kaap voorkom. Doen navorsing en sit die korrekte spesie by sy tradisionele plantnaam en die plantbeskrywing.

KOLOM A	KOLOM B	KOLOM C
<i>Citrullus vulgaris</i>	duwweltjie	'n Pampoenagtige klimplant. Die gedroogte uitgeholde dop word gebruik om water ens. te stoor/aan te dra.
<i>Legenaria vulgaris</i>	tsamma/samma (ook uitgespreek tsanna)	'n Karooplant wat vir medisinale doeleindes gebruik word.
<i>Harpagophytum procumbens</i>	karooboegoe	'n rankplant en onkruidsoort waarvan die vrug vol dorings is.
<i>Diosma succulenta</i>	kalbas	'n Wilde waatlemoen wat in die woestynagtige streke vog verskaf.

- 5.2 Wat is die betekenis van die volgende San-woorde wat deel uitmaak van die Afrikaanse taal?
- 5.2.1 ghaai
  - 5.2.2 kambro
- 5.3 Wat beteken die onderstaande idiomatiese uitdrukkings?
- 5.3.1 'n Wolf in skaapklere
  - 5.3.2 Wolf skaapwagter maak
  - 5.3.3 Jakkals trou met wolf se vrou
  - 5.3.4 Met die wolwe in die bos huil
  - 5.3.5 Soos 'n wolf eet
- 5.4 Is die woord "skierlik" (paragraaf 6) korrek gebruik? Moes dit nie "skielik" wees nie? Verklar jou antwoord.
- 5.5 Skep nuwe vergelykings deur jou eie omgewing as maatstaf en verwysingsraamwerk te gebruik. Die sleutelwoorde word vir jou gegee. Die onderstaande twee vergelykings dien as voorbeeld.  
*So taai soos 'n plant in die Karoo; of: So fluks soos my ma met slae uitdeel.*
- 5.5.1 So skelm soos ...
  - 5.5.2 So onskuldig soos ...
  - 5.5.3 So bang soos ...
  - 5.5.4 So histories soos ...
- 5.6 Die volgende gesegdes is eie aan die Noord-Kaap. Verklar hul betekenis.
- 5.6.1 In die kalbas kyk.
  - 5.6.2 Iemand 'n kalbas vir 'n komkommer gee.
- 5.7 Skryf die onderstaande gedeelte oor in die indirekte rede:
- 5.7.1 "Wie is dit?" vra ouma van binne. "Dit is ek !Una," antwoord die bedrieglike wolf. (par. 10)
  - 5.7.2 "Aai oe magtig, hoekom is ouma se oë so groot en gevaarlik?" (par. 15)
- 5.8 Lys ten minste vier klanknabootsende woorde soos dit in die verhaal voorkom. Verduidelik wat die skrywer met elk van hierdie woorde wou bereik.
- 5.9 Korrigeer die onderstaande sinne:

5.9.1 'n Rukkie gelede kom hy by die Khoe-San huisie aan.

5.9.2 "Hoekom is ouma se stem so diep en grof?" vra sy verbasend. (par. 10)

## Aktiwiteit 6 : Taal (LU 4, AS 4, 5, 6, 9)

### Periode 10

Lees die verhaal "Die meermin" deur Luwayne Cloete en Donrick Dyers en beantwoord die vrae wat volg:

#### Storie

### Die meermin

*deur Luwayne Cloete en Donrick Dyers*

Lank, lank gelede was daar 'n baie arm weduwee. Sy het by die see gebly. Sy was so arm dat sy nie 'n ordentlike huis kon bekostig nie. Haar armoedige huisie was 'n gehuggie wat aanmekaar gelap was.

Sy was ook 'n hardwerkende vrou wat alles moontlik in die gehuggie gedoen het om die plekkie meer leefbaar te maak. Die weduwee kon nie bekostig om kos te koop nie, dus moes sy mossels in die see te gaan optel om eet en 'n paar te verkoop. Met haar krom rug, geplooië hande en gesig, ou verflenterde klere en stukkende sandale, het sy elke dag strand toe geloop.

Een oggend vroeg loop sy verby die bamboesse op soek na mossels. Met verbasing sien die weduwee iets vreemd in die water. Sy kon haar oë nie glo nie. Wragtig, dis 'n meermin. Pragtig en vriendelik, met goeie oë. Sy was 'n vis met 'n vrou se bolyf, lang blonde hare en potblou oë. Die meermin swem nader en begin met die weduwee gesels.

Die meermin sê toe vir die ou vroutjie: "Ek gee vir jou drie wense. Wees versigtig met jou wense. Jy mag dit nie misbruik nie." Die



meermin het belowe om elke oggend in die blou, kristalhelder water te verskyn, totdat die weduwee haar derde wens gewens het. Die weduwee moes drie maal op haar hande klap en dan sou die meermin verskyn.

Die weduwee klap-klap-klap toe en wens vir 'n mooi huisie. Die meermin swaai haar blink vis-stert in die lug en verdwyn in die water. Toe die weduwee terug loop, staan daar 'n pragtige huisie met meubels en kos op die tafel. Hoe bly was sy toe nie?

Die volgende dag kyk die weduwee na haar klere en sien dat haar vodde nie by haar pragtige huisie pas nie. Die volgende oggend haas sy na die strand toe en klap haar hande drie keer.

Die meermin verskyn toe onmiddellik. Die ou vroujie wens weer: "Gee vir my mooi klere." Die volgende oomblik was sy geklee in die allerpragtigste uitrusting, met nog mooi klere om elke oggend van te kies.

Die weduwee het in weelde begin gelewe. Elke oggend het sy haarself in haar mooi klere bewonder.

Wat sal ek vir my laaste wens vra? het sy gewonder. Sy het elke dag hieraan gedink. Wat wou sy nog hê? Wat kan sy nog by haar weelde voeg? Die weduwee het toe al hoe minder en minder gewerk. Dit maak dan my klere vuil, het sy vies gedink. Ek wil nie meer werk doen nie, iemand met so 'n mooi huis en klere moet ander mense hê om vir haar te werk. Ek het bediendes nodig, dan kan ek die hele dag lank net na al my weelde kyk en myself bewonder.

Een oggend vroeg besluit sy toe om haar laaste wens te wens. Sy stap na die see toe en klap haar hande drie keer. Die pragtige meermin verskyn oombliklik, skitterend in die vroegoggendson.



"Bediendes," roep die weduwee in haar mooi klere, "gee vir my bediendes wat my huis sal skoonmaak, kos kook, klere was en al die ander vuil werk doen."

Die meermin het briesend gesê: "Terug na jou gehuggie, terug na jou vodde en terug na mossels optel. Vir lui, begerige en ondankbare mense het ek nie tyd nie. Hoekom moet iemand anders jou vuil werk doen?"

Toe sy omdraai, staan haar armoedige gehuggie weer daar. Sy kyk af en sien dat sy weer eens in haar ou vodde geklee is.

Van toe af moes die weduwee maar weer mossels optel en die hele dag lank werk om aan die lewe te bly.

- 6.1 Verskaf die meervoudsvorme van elk van die onderstaande woorde:
  - 5.1.1 see (par.1)
  - 5.1.2 gehuggie (par. 1)
  - 5.1.3 bolyf (par. 3)
- 6.2 Verskaf die teenoorgestelde geslag vir elk van die volgende:
  - 5.2.1 weduwee (par. 1)
  - 5.2.2 vroutjie (par. 4)
- 6.3 Verskaf antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir elk van die onderstaande woorde:
  - 5.3.1 vriendelik (par. 3)
  - 5.3.2 kristalhelder (par. 4)
  - 5.3.3 begerige (par. 12)
- 6.4 Verskaf die korrekte vorm van die rangtelwoord vir elk van die skuinsgedrukte woorde in die volgende sinne:
  - 6.4.1 Dit is my *drie* probeerslag om my wens te bewaarheid.
  - 6.4.2 Die leerder se naam is *honderd-en-vyftien* op die skoolrol.
  - 5.4.3 Haar *een* kind was op die ou end skatryk.

6.5 Gebruik die volgende woord as basis om ten minste vier ander woorde te vorm.

bv. *klee* - *beklee*; *kledingstuk*; *verklee*; *gekle* ens.

6.5.1 dien

6.5.2 arm

6.5.3 meubels

6.5.4 kos (prys van 'n item)

6.5.5 huis

### **Aktiwiteit 7: Lees (LU 1, AS 1, 4, 5, 6, 8 & LU 2, AS 2, 3, 4, 6, 7 )**

#### **Periode 10, 11 en 12**

7.1 Kies die gepaste antwoord uit die onderstaande moontlikhede:

7.1.1 Die arme weduwee -

- a. het alles in haar vermoë gedoen om haar huis gerieflik te maak
- b. het arm maar gemaklik gelewe
- c. wou nie juis naby die see woon nie
- d. was slordig en verwaarloos

7.1.2 Die vrou het daaglik strand toe gegaan -

- a. om bamboes te gaan optel
- b. om met die meermin te gaan praat
- c. om die seelug te geniet
- d. om kos te gaan bymekaarmaak

7.1.3 Die meermin was -

- a. hoogmoedig
- b. vol fiemies
- c. minsaam
- d. onbeskof

7.1.4 Die meermin het die weduwee die volgende aangebied-

- a. 'n geleentheid om ondankbaar te wees.
- b. 'n kans om met die rykes om te gaan
- c. 'n geleentheid om gemaklik te lewe
- d. 'n kans om drie keer te droom

- 7.1.5 Die meermin het haar vervies, want -
- a. die vrou het gulsig geword
  - b. haar wens is nie bewaarheid nie
  - c. die klere was nou éérs vodde
  - d. die see was onstuimig
- 7.1.6 Die verhaal handel oor -
- a. die gierigheid van die mens
  - b. die onwysheid van 'n arm vrou
  - c. die mag van materiële dinge
  - d. (a en b)
  - e. (a, b en c)
- 7.1.7 Die lewensles in hierdie verhaal is -
- a. wees dankbaar vir alle seëninge
  - b. kapitalisme maak 'n mens geldgierig
  - c. 'n mens moet nooit smag na 'n bediende se dienste nie
  - d. (a, b en c)
  - e. (a en c)
- 7.2 Hoe verskil die beskrywing van die meermin in paragraaf 2 van die beskrywing in paragraaf 7?
- 7.3 Hoe verskil die vrou tjie se omstandighede wanneer 'n mens paragrawe 1, 4 en 5 met mekaar vergelyk?
- 7.4 Die storie het 'n verrassende einde. Watter verwagtinge het die leser vir die slot gehad?

7.5 **Klasdebat:**

**Onderwerp:**

*Jongmense is deesdae te selfsugtig en materialisties*

OF

*Jongmense is mededeelsaam en bereid om opofferings te maak ten gunste van andere*

**Agtergrond/Konteks:**

Dit is maklik vir ons om die arme vrou tjie in "Die meermin" te veroordeel, maar as mens is ons soms geneig om, as dit voor

die wind met ons gaan, inhalig te raak. Doen dus so 'n bietjie navorsing ...

### **Opdrag:**

Voer 'n onderhoud met 'n aantal maats in jou portuurgroep (vyf) om vas te stel watter lewenskeuses hulle sou maak onder soortgelyke omstandighede soos in die storie. Stel ten minste tien verskillende vrae saam wat dan as vraelys sal dien. Die vrae moet veral op die volgende elemente fokus:

- dinge waaraan jongmense waarde heg
- die keuses wat jongmense maak wanneer hulle te staan kom voor moeilike besluite
- die keuses wat jongmense maak in 'n krisis
- die opofferings wat jongmense bereid is om te maak.

Die vrae moet egter 'n konteks vir jou vriende skep.

### **Voorbeeld van die vraelys:**

1. Jy kry die geleentheid om 'n baie beroemde ster se konsert by te woon, maar jou beste vriend kan nie bekostig om saam te gaan nie. Hulle is te arm. Wat doen jy?
2. Jy en 'n groep vriende gaan kampeer vir 'n naweek by 'n rivier. Die grond is hard en die omstandighede is baie ongerieflik. Jou maats se ouers nooi jou egter om in hulle rondawel op 'n sagte bed te kom slaap. Wat doen jy?

Voltooi die vraelys en voer dus onderhoude met jou vyf maats. Maak 'n volledige opsomming van jou bevindinge en hou dit voor aan die klas as deel van 'n klasdebat.

### *Aan die onderwyser:*

Deel die groepe in na gelang die leerders se bevindinge. Die bevindinge sal dus bepaal watter standpunt 'n leerder moet inneem. Leerders kan hul argument bondig saamvat deur vyf hoofpunte aan te stip en dit as kern vir hul argument te gebruik.



## 5.2 'n Lesplan vir Lewensoriëntering

Onderwerp	Verantwoordelike besluitneming
Leeruitkomstes Et assesseringstandaarde	LU1 AS 1,3,4 LU2 AS 1,4
Hulpbronne	Volksverhaal – “Bobbejaan en Springbokkie” (bladsy 58) Storie – “Die ongelukkige skoonheidskoningin” (bladsy 59) Werkblad 1 Werkblad 2
Assesseringsaktiwiteit	Vraelys en aanbieding
Duur	Twee periodes

### Periode 1

Stap 1: Verdeel die klas in groepe van vier elk. Gee aan elke groep die onderstaande stories.

Wenk: Vergroot die A4-stories tot A3. Gee vir elke groep een afskrif van elke storie.

Stap 2: Laat die groep toe om elk hul eie rolle te kies: 'n storieverteller, 'n fasiliteerder, 'n sekretaris en 'n rapporteur.

Stap 3: Die storieverteller lees die stories aan die groep voor. Die fasiliteerder gee vir elke lid van die groep 'n werkblad. Die fasiliteerder moet toesien dat elke groeplid die werkblad voltooi.

Stap 4: Die fasiliteerder lees elke vraag en die groep beantwoord die vrae.

Stap 5: Deel assesseringsaktiwiteit 1 uit, wat leerders moet voltooi vir die volgende lewensoriënteringsles.

### Periode 2

In hierdie periode moet leerders hul voltooide vraelyste na hul onderskeie groepe toe bring. Die groep sal die bevindinge aanteken op die telkaart van Werkblad 2. Met die hulp van die fasiliteerder sal die rapporteur notas neem van die bevindinge en die gevolgtrekkings wat die groep gemaak het. Die groep moet die vrae kan beantwoord deur gebruik te maak van dit wat hulle uit Werkblad 1 en 2 geleer het. Elke groep sal hul verslaggewer vra om hul bevindinge aan die klas te rapporteer. Die verslaggewer moet 'n formele aanbieding aan die klas doen. Let Wel: die leerders se bydrae in Werkblad 1 is deel van die assessering in Werkblad 2.

### Storie 1

#### Bobbejaan en Springbokkie

*deur Millon Beukes en Juanita Beukes*

Eendag, lank gelede, het Bobbejaan en Springbokkie saam in die blou berge gewoon. Die panne daar naby was droog en bedek met 'n wit laag sout wat bo-op gelê het. Dit was altyd vaal en droog in die berge. Hier en daar was daar 'n bossie met 'n groen teken van lewe.

Bobbejaan en Springbokkie was ses jaar lank getroud en het nie kinders gehad nie. Hulle was baie lief vir mekaar. Bobbejaan was baie lief om te kyk hoe Springbokkie op die soutpan pronk. Springbokkie was baie lief om op die panne te gaan spring.

Springbokkie was baie eensaam. Sy het nie vriende gehad nie. Bobbejaan het haar vryheid gegee, maar sy was nie tevrede met die ou bietjie vryheid nie.



Op 'n dag het Springbokkie besluit genoeg is genoeg. Sy wou nie meer in die verlate berge en panne woon nie. Sy wou daar oorkant die waters in die groen, groen weivelde woon.

Bobbejaan het na 'n paar maande opgelet dat Springbokkie nie haarself is nie.

Hy vra toe: "Springbokkie, Springbokkie, my vrou, wat is fout?"

Sy wou nie antwoord nie. Die volgende dag sê Springbokkie vir Bobbejaan: "Ek is moeg en siek en sat vir hierdie lewe in die berge en daar op die panne."

Springbokkie pronk toe in 'n boog na die groen weivelde toe.

Terwyl sy so pronk, pronk, pronk, roep Bobbejaan agterna: "Springbokkie, Springbokkie, my vrou, gaan jy dan regtig na die kaal vlaktes toe?"

Bobbejaan is 'n dier van die berge en Springbokkie is 'n dier van groen weivelde en oop vlaktes. Dis hoekom Springbokkie vandag nog in die weivelde van die Kalahari langs die pad woon en Bobbejaan in die gebergtes.

## Storie 2

### Die gelukkige skoonheidskoningin

Jolene het geweet sy is mooi. Sy het ook geweet almal in die skool wou vriende met haar wees juis omdat sy so mooi is. Daarom het haar skoolmaats van haar verwag om al die gewilde kinders se verjaardagpartytjies by te woon, of om met die hoofseun, Elroy Malgas, uit te gaan en om al die meisie-goed te doen wat gewilde



meisies veronderstel was om te geniet. Dit was die soort lewe waarvan elke meisie gedroom het en dié rol het Jolene gespeel totdat Bernadine Cupido, die nuwe meisie van Ceres, in die skool aangekom het.

Bernadine was alles wat Jolene nie was nie. Bernadine was nie mooi nie; sy was ongewild – muisvaal om die minste te sê! Maar daar was iets aan Bernadine wat Jolene interessant gevind het. Waarom het sy gehunker na Bernadine se lewe wat ooglopend vervelig was? Sy het hieroor gewonder terwyl sy gekyk het hoe haar vriende Bernadine se siel uittrek. Dít, terwyl Bernadine doodrustig op die grasperk haar toebroodjies sit en eet en haar boek gelees het. Hoe kry Bernadine dit reg om haar nie aan hulle te steur nie? het Jolene gewonder. Hoe kry sy dit reg om so gelukkig te wees? Jolene kon nie verstaan waarom sy aan die een kant vies was dat Bernadine haar nie aan die spul steur nie, terwyl sy aan die ander kant haar innerlike krag bewonder het – daardie krag waarmee sy op die ou einde besluite geneem het.

Jolene het gewens sy het net 'n klein bietjie van Bernadine se rustigheid gehad. Selfs net 'n klein bietjie daarvan sou haar gehelp het om weg te breek van haar vriende, daardie spul wat so in die winkelsentrums uithang, of Elroy wat net saam met haar wou slaap, of almal wat net die heelyd goed van haar verwag het. Hul verwagtinge was nie hare nie. Hulle wou hê sy moes skoonheidskoningin wees, of met Elroy trou – Elroy wat waarskynlik eendag 'n ryk sakeman sal wees – of 'n ma van drie kinders wees wat net so mooi oud sal word soos Anneline Kriel...

Maar nee! Jolene wou liever 'n maatskaplike werker word wat arm mense help, mense se lewe verander ... Maar sou sy kon?

## WERKBLAD 1

## Persoonlike welstand

Springbokkie se karaktertrekke	Jolene se karaktertrekke
Hoe het Springbokkie se karaktertrekke haar verhouding met Bobbejaan beïnvloed?	Hoe het Jolene se karaktertrekke haar verhouding met haar kêrel en skoolmaats beïnvloed?
Was Bobbejaan en Jolene se vriende verantwoordelik vir hul ongelukkigheid? Verduidelik.	
Wat leer Springbokkie en Jolene se verhoudings ons van die houvas wat ander op ons kan hê?	
Hoe het Springbokkie dit reggekry om haar persoonlike welstand eerste te stel?	Wat kan ons van Springbokkie leer?
Watter les kan ons leer van die volksverhaal "Bobbejaan en Springbokkie"?	

## WERKBLAD 2

### Stel 'n vraelys op

Gebruik die vraelys hieronder om navorsing oor die volgende vrae te doen:

1. Watter faktore weerhou jongmense daarvan om besluite te neem wat hulle persoonlike welstand sal bevorder?
2. Kan volksverhale soos "Bobbejaan en Springbokkie" steeds 'n rol speel om jongmense te help om hul persoonlike welstand te bevorder?

### Opdragte:

1. Elke groep moet met minstens 40 jongmense praat, en elke lid van die groep met minstens 10 jongmense.
2. Tel al julle bevindings saam deur die volgende telkaart te gebruik:

Scenario	a	b	c
bv.	1111	111	11
1			
2			
3			
4			
5			
6			
7			

3. Tel die merke wat elk van die moontlike antwoorde gekry het. Maak byvoorbeeld vier merke in die eerste kolom as vier mense A gekies het.
4. Kyk watter kolom die meeste merke het en watter een die minste. Bespreek in jou groep hoe om die bevindings te

gebruik om die eerste vraag hierbo te beantwoord. Watter gevolgtrekkings kan 'n mens maak uit die vraelys en hoe beïnvloed dit vraag 1 hierbo?

5. Maak nou gevolgtrekkings en konsolideer die groep se aanbieding vir die terugvoersessie. Gebruik die groep se bespreking gebaseer op Werkblad 1 om vraag 2 te beantwoord.

## VRAELYS

### Omkring die keuse waarmee jy gemaklik voel:

Wat sal jy doen as ...

1. jou beste vriend wil gaan fliek, maar jy liever by die huis wil bly? Sal jy
  - a) vir hom sê jy is siek
  - b) saamgaan, maar elke oomblik daarvan haat
  - c) vir hom sê jy gaan by die huis bly
2. jy en jou vriend sien hoe iemand, wat julle albei ken, 'n misdaad pleeg. Sal jy
  - a) teen jou sin instem om vir niemand te vertel nie
  - b) dit aan haar/hom oorlaat om die besluit te neem
  - c) vir hom/haar sê om die polisie te gaan sê
3. jou vriend wil hê julle moet, net vir die pret, met dwelms eksperimenteer. Sal jy
  - a) teen jou sin ja sê en hoop niemand vind uit nie
  - b) vir hom/haar sê jy word siek van dwelms
  - c) vir hom/haar sê dit is teen jou beginsels om dwelms te gebruik
4. jou vriend wil 'n werkstuk by jou afskryf. Sal jy
  - a) dit vir hom/haar gee
  - b) vir hom/haar sê jy het nog nie die werkstuk klaargemaak nie
  - c) vir hom/haar sê jy is nie bereid dat hy/sy die werkstuk afskryf nie
5. Jou vriend vra jou om by 'n sportklub aan te sluit terwyl jy nie van die spesifieke sportsoort hou nie. Sal jy
  - a) vir hom/haar sê jy sal aansluit

- b) vir hom/haar sê jy is sieklik en daarom kan jy nie aan sport deelneem nie
  - c) vir hom/haar sê jy stel nie belang om by die klub aan te sluit nie
6. jou vriend wil jou nuwe jean leen wat jy nog nooit gedra het nie. Sal jy
- a) sê jy gee glad nie om nie
  - b) sê jy het dit teruggeneem winkel toe
  - c) sê jy hou nie daarvan om jou klere uit te leen nie
7. jou vriend het jou CD's geleen sonder om jou daarvan te sê. Sal jy
- a) maak of jy nie weet hy/sy het jou CD's nie
  - b) maak of jy verras is wanneer jy die CD's by sy/haar huis sien
  - C) sê hy/sy moes jou eers gevra het voordat hy/sy dit sonder jou toestemming geleen het.

*Nota aan onderwysers:*

Gebruik Werkblad 1, die vraelys en die groep se aanbieding om leerders se antwoorde oor die onderwerp te assesseer. Al die beskrywings kan op Werkblad 1 en 2 geassesseer word.



## Assesseringsrubriek

Die leerder is in staat om:	Vlak 7 80- 100%	Vlak 6 70- 79%	Vlak 5 60- 69%	Vlak 4 50- 59%	Vlak 3 40- 49%	Vlak 2 30- 39%	Vlak 1 0- 29%
strategieë toe te pas om persoonlike bewustheid en selfvertroue te verhoog terwyl hy/sy hul eie uniekheid sowel as die van ander erken en respekteer [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
waardes en strategieë te beskryf om verantwoordelike besluite te neem oor lewenstyl-keuses wat persoonlike potensiaal kan optimiseer [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
te beskryf hoe die begrippe "mag" en "magsverhoudinge" iemand se besluitneming kan beïnvloed [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
die uitwerking van groepsdruk as 'n sosiale kwessie te identifiseer en in groepsverband aandag te gee aan die manier waarop groepsdruk gehanteer kan word [20]	16 – 20 punte	4 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
begrip te hê vir die rol wat volksverhale in die verlede gespeel het om 'n harmonieuse samelewing te skep [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte

## Lesplan 2

Onderwerp	Volksverhale as 'n manier om aandag aan sedelike verval te gee
Leeruitkomstes en assesseringstandaarde	LU1 AS 1,2, LU2 AS 4 LU4 AS 1,2,3
Hulpbronne	Volksverhale: "Karlientjie" (bladsy 91) "Leeu en Hasie" "Die meermin" (bladsy 51) "Jakkals trek vir Wolf 'n streep" "Volstruis en Skilpad" (bladsy 90)
Assesseringsaktiwiteit	Advertensie , Loopbaanavorsing
Duur	Twee periodes

In hierdie lesplan sal leerders spesifiek te doen hê met die rol en funksie van volksverhale in San-gemeenskappe. Die vraag wat in die vorige les gevra is betreffende die relevansie van volksverhale in die hedendaagse samelewing sal weer bespreek word, maar hierdie keer sal die klem val op die onderliggende waardes van die volksverhale.

Leerders behoort 'n duidelike begrip van die waardestelsel te hê wat deel vorm van die inheemse Nama- en †Khomani-San-gemeenskappe. Dit is veral belangrik dat leerders sal verstaan hoe hierdie gemeenskappe sosiale en omgewingskwessies gehanteer het of steeds hanteer. Daar sal van leerders verwag word om die volksverhale te ontleed en hulle moet probeer om ander volksverhale hierby in te sluit.

As deel van die assesseringsaktiwiteit moet leerders 'n storievertel-imbizo organiseer. Die ander assesseringsaktiwiteit is die aanneem van sekere loopbaanrolle wat dan vir assesseringsdoeleindes nagevors moet word. Op so 'n storie-imbizo deel vertellers hul stories met 'n gehoor, en hoewel verskeie vertelsessies gelyktydig kan plaasvind, moet elke verteller 'n stalletjie hê wat minstens 20 mense kan

akkommodeer. Mense beweeg van die een stalletjie na die ander om soveel stories moontlik te hoor. Leerders moet aangemoedig word om 'n storie-imbizo by die skool aan te bied, en so 'n imbizo kan saamval met die viering van Nasionale Erfenisdag of Menseregte dag.

Die lesplan kan oor twee periodes strek en sluit dan ook 'n loopbaan-navorsingskomponent in. Opvoeders word aangemoedig om die A3-navorsingsplakkate wat deur leerders gemaak word te lamineer. Die loopbaan-navorsingsaktiwiteit kan deur die jaar herhaal word deur telkens op 'n ander loopbaan te fokus. Aan die einde van die jaar behoort onderwysers dan 'n versameling van die loopbaan-navorsingsplakkate te hê wat die volgende jaar as onderwys hulpmiddels gebruik kan word.

## Werkblad 1

### Groepwerk

Deur volksverhale word verskeie sedgelesse tuisgebring, en elke storie word vertel met 'n spesifieke bedoeling in gedagte. Lees die storie wat jou groep ontvang het voordat julle die volgende vrae bespreek:

1. Wat is die lewensles wat die verteller wil tuisbring?
2. Watter morele waardes probeer die verteller inprent?
3. Dink jy hierdie waardes speel 'n rol in die welstand van die individu sowel as die gemeenskap?

### Assesseringsaktiwiteit

#### A) Die ontwerp van 'n advertensie

Ontwerp 'n advertensie op 'n A3-kleurplakkaat wat die volksverhaal adverteer en die les wat daaruit geleer kan word beklemtoon.

Die advertensie moet:

- aandag trek
- 'n treffende titel hê
- die kern van die storie weergee
- die volksverhaal se onderliggende waardes adverteer



### B) Die beplanning van 'n storie-imbizo

Elke groep in die klas het 'n volksverhaal en advertensie. Beplan as klas 'n storie-imbizo wat in die skoolsaal of vergaderplek gehou kan word.

Stap 1: Hieronder is 'n lys van die mense benodig om die storievertel-imbizo te hou. Elke leerder in die klas moet 'n rol kies, en dit maak nie saak as 'n leerder meer as een rol het nie.

Organiseerder van geleentheid, Spysenier, Fotograaf, Kameraman, Verslaggewer, Politikus, Drukker, Grafiese kunstenaar, Sereoniemeester, Projekbestuurder, Redakteur, Skrywer, Vertaler, Tolk, Vervoerkontraakteur, Webwerf-ontwerper, Hotelbestuurder, Sjef, Chauffeur, Toeroperateur, Musikant, Storieverteller.

Stap 2: Ondersoek die rol van die diensverskaffer wat jy gekies het. Maak 'n plakkaat waarop die volgende inligting verskyn:

- Definisie
- Vereiste kwalifikasies
- Aanbevole karaktereienskappe
- Vooruitsigte: behoefte aan hierdie kundigheid
- Salarisskaal

Stap 3: Gebruik jou navorsing om jou en jou klasmaats te help om op jul eie 'n storie-imbizo by julle skool aan bied.

Die volgende assesseringsrubriek sal gebruik word om die advertensie te assesseer:

Die leerder is in staat om:	Vlak 7 80 - 100%	Vlak 6 70 - 79%	Vlak 5 60- 69%	Vlak 4 50- 59%	Vlak 3 40- 49%	Vlak 2 30- 39%	Vlak 1 0- 29%
begrip te toon van die rol wat volksverhale in die verlede gespeel het om 'n harmonieuse samelewing te skep [10]	8 - 10 punte	7 - 8 punte	6 -7 punte	5 - 6 punte	4 - 5 punte	3 - 4 punte	0 - 3 punte
die morele waardes en/of sedesleuse wat die volksverhale ons leer te identifiseer [10]	8 - 10 punte	7 - 8 punte	6 -7 punte	5 - 6 punte	4 - 5 punte	3 - 4 punte	0 - 3 punte
die relevansie van volksverhale in die hedendaagse samelewing te verstaan [10]	8 - 10 punte	7 - 8 punte	6 -7 punte	5 - 6 punte	4 - 5 punte	3 - 4 punte	0 - 3 punte
'n advertensie wat treffend, skeppend en doeltreffend is te ontwikkel [10]	8 - 10 punte	7 - 8 punte	6 -7 punte	5 - 6 punte	4 - 5 punte	3 - 4 punte	0 - 3 punte
'n advertensie te ontwikkel wat die volksverhaal se onderliggende waardes uitlig [10]	8 - 10 punte	7 - 8 punte	6 -7 punte	5 - 6 punte	4 - 5 punte	3 - 4 punte	0 - 3 punte

Die assesseringsrubriek hieronder word gebruik om die loopbaanavorsings-plakkate te assesseer

Die leerder is in staat om:	Vlak 7 80 – 100%	Vlak 6 70 –79%	Vlak 5 60– 69%	Vlak 4 50– 59%	Vlak 3 40– 49%	Vlak 2 30– 39%	Vlak 1 0– 29%
bewus te wees van geskikte loopbaanmoontlikhede vir 'n organiseerder van geleenthede [10]	8 – 10 punte	7 – 8 punte	6 –7 punte	5 – 6 punte	4 – 5 punte	3 – 4 punte	0 – 3 punte
loopbaanmoontlikhede op die gebied van die organisering van geleenthede te ondersoek om so persoonlike voorkeure vas te stel [10]	8 – 10 punte	7 – 8 punte	6 –7 punte	5 – 6 punte	4 – 5 punte	3 – 4 punte	0 – 3 punte
bewus te wees van neigings en die vraag na organiseerders van geleenthede [10]	8 – 10 punte	7 – 8 punte	6 –7 punte	5 – 6 punte	4 – 5 punte	3 – 4 punte	0 – 3 punte
'n goed nagevorsde loopbaanplakkaat aan te bied wat gebaseer is op 'n gekose loopbaan [10]	8 – 10 punte	7 – 8 punte	6 –7 punte	5 – 6 punte	4 – 5 punte	3 – 4 punte	0 – 3 punte
ondervinding op te doen deur die gekose loopbaanrolle te vervul ter voorbereiding van die storie-imbizo [10]	8 – 10 punte	7 – 8 punte	6 –7 punte	5 – 6 punte	4 – 5 punte	3 – 4 punte	0 – 3 punte

## 5.3 'n Lesplan vir Geskiedenis

Sleutelvraag	Watter belangrike vraagstukke spruit uit volksverhale en die herdenking van historiese gebeurtenisse?
Leeruitkomstes & Assesseringstandaarde	LU1 AS 1, 2, 3, 4 LU2 AS 1, 3 LU3 AS 3, 4 LU4 AS 2, 3
Hulpbronne	"Die drie Christelike manne" (bladsy 78) "Die afkopman wat met jou praat" (bladsy 82)
Assesseringsaktiwiteit	Erfenisaktiwiteit
Duur	Sewe periodes

### Lesplan

In hierdie sleutelvraag ondersoek ons volksverhale in die volgende verband:

- Volksverhale as bronne van ontasbare erfenis.
- Redes vir die ontstaan van volksverhale.
- Historiese volksverhale uit die oogpunt van die storieverteller en die moontlikheid dat verskillende weergawes van dieselfde gebeurtenis kan bestaan.
- Die nuttigheid van historiese verhale vir geskiedkundiges.

Die leerder moet die konsepte wat met erfenis verband hou, begryp – konsepte soos "ontasbare erfenis", "lewende erfenis" asook die betwisbare aard van erfenis en die belangrike rol wat dit kan speel om mense van verskillende gemeenskappe te versoen.

Diversiteit en die reaksie daarop is 'n hooftema in die lesplan. Leerders sal byvoorbeeld gesprekke moet voer oor die redes vir verskillende standpunte oor 'n bepaalde historiese gebeurtenis of persoon. In hierdie besprekings sal leerders gedagtes moet kan wissel oor die verskillende weergawes van volksverhale en die geldigheid van bepaalde weergawes. Omdat historiese volksverhale gegrond is op die siening van die verteller bestaan daar waarskynlik verskillende

sienswyses van die werklike historiese gebeurtenis. Deur middel van 'n geskiedkundige navorsingsproses moet leerders die onderwerp bespreek, daaroor debatteer en hul eie gevolgtrekkings maak oor die nut van historiese volksverhale. Opvoeders moet soveel plaaslike voorbeelde moontlik gebruik sodat daar 'n verskeidenheid van voorbeelde bespreek word.

Leerders moet die gevolgtrekking kan maak dat mense se sienswyses afhang van 'n klomp verskillende maar inter-afhanklike aspekte van hul lewe, soos die gemeenskap waarin hulle woon, politieke en godsdienstige standpunte, ens. Die lesplan is gegrond op 'n waarde-gedrewe perspektief soos onderskryf deur die Nasionale Kurrikulum-verklaring. Skenk spesifiek aandag aan volksverhale as deel van die Nama- en die †Khomani-San-gemeenskappe se kultuur, en hoe belangrik dit is om volksverhale oor te vertel.

### Lesplan

#### Klasbespreking

#### Periode 1

Gebruik Bron A as grondslag vir die bespreking van volksverhale as bron van ontasbare erfenis. Hoe kan die mondelinge tradisie van gemeenskappe in die Noord-Kaap mense van verskillende kultuur- en godsdienstgroepe bymekaar bring?

#### **Bronne:**

Bron A: In 'n werksessie vir opvoeders in Kaapstad het die Sentrum vir Bewaringsopvoeding die definisie van erfenis soos hieronder opgesom:

Bron B: 'n Uittreksel uit die Sentrum vir Bewaringsopvoeding se aanbieding.

Bron C: 'n Uittreksel uit 'n onderhoud met Cathleen March, 'n erfenis-ontwikkelingskonsultant.



*Erfenis is ...*

- wat ons van die verlede erf en aan die volgende geslag oordra
- persoonlik, belangrik en bepaal ons identiteit
- natuurlik, mensgemaak, hou verband met tradisies & waardes, gebruike, kuns, vakmanskap, musiek en mense
- tasbaar of ontasbaar
- 'n gemeenskap se geskrewe en mondelinge geskiedenis en tradisie.

*Erfenis ...*

- word verskillend deur verskillende groepe mense beoordeel
- word op maniere saamgestel wat nuttig en doelgerig is en wat die positiewe aspekte daarvan bevorder
- is eensydig, omstrede en betwisbaar
- is polities
- kan uitgebuit word vir rassitiese redes en kan onverdraagsaamheid veroorsaak
- hou verband met nasionale identiteit
- kan mense inspireer om proaktief te wees.

**Sleutelkonsepte**

**Tasbare erfenis:** bv. monumente, museums, artefakte, berge, eilande.

**Ontasbare erfenis:** ook bekend as lewende erfenis, soos volksliedjies, tradisionele opvoerings, feeste, plegtighede ens.

### Bron B

Waarom lewende erfenis bewaar moet word

Lewende erfenis is kennis en inligting wat deur herinnering in stand gehou word en wat mondelings of deur die voorbeeld wat iemand stel van die een geslag na die ander oorgedra word. Dit beteken erfenis is 'n kwesbare hulpbron. Dit is weerloos en geneig om verwaarloos te word as dit nie bestuur word op 'n manier wat strook met die kulturele waarde en die essensie daarvan, sowel as met bewaringsbehoefte nie.

### Bron C

Ons moenie ontasbare en tasbare erfenis as twee afsonderlike kategorieë sien wat nie met mekaar verband hou nie. Lewende erfenis word dikwels vereenselwig met tasbare erfenisgebiede, soos byvoorbeeld kulturele voorwerpe wat in rituele gebruik word. 'n Ritueel is 'n voorbeeld van ontasbare erfenis, maar 'n kulturele voorwerp is tasbaar. Dieselfde geld plekke waarna verwys word in volksverhale. Tafelberg herinner byvoorbeeld aan die verhale wat aan Kaaps-Maleise families oorgedra is deur hul voorouers wat slawe was en in die 18de en 19de eeu die klere van hul eienaars op die berg gewas het. Ons moet ook besef dat tasbare erfenisbronne soos monumente en museums dikwels opgerig en gebou is deur diegene wat in magposisies was en wat nie die geskiedenis van die gemarginaliseerde gemeenskappe erken of verteenwoordig het nie. Hierdie gemarginaliseerde mense het nie die geld of die mag gehad om monumente of standbeelde op te rig wat hul identiteit sou gedenk nie. Ons kan versoeningspogings in Suid-Afrika probeer aanhelp deur te sorg dat museums en ander openbare plekke erkenning gee aan die herinneringe van gewone Suid-Afrikane, wie se stemme in die verlede stil was.

## Groepaktiwiteit

## Periode 2

Lees die volksverhaal "Die drie Christelike manne" (bladsy 78) en bespreek daarna die volgende vrae in jul groep:

- Waarom kan hierdie volksverhaal as 'n historiese volksverhaal beskou word? Is dit histories of net 'n verhaal wat in historiese konteks geplaas word? Stel in jou groep vrae saam waarmee mens kan vasstel of 'n spesifieke verhaal as 'n historiese volksverhaal beskou kan word of nie.
- Waarom het mense historiese volksverhale vertel?
- In watter mate is historiese volksverhale nuttig vir die geskiedkundige?

Die groepbespreking moet 30 minute duur. Skryf jul antwoorde op ongedrukte koerantpapier en plak dit in die klaskamer op. Elke groep kan 'n paar minute kry om die hoofpunte wat uit hul bespreking gekom het aan die klas te verduidelik.

### Huiswerk-aktiwiteit:

1. Raadpleeg die bron hieronder om antwoorde op jou groep se vrae te kry. Jy kan ook die biblioteek of jou gemeenskap hieroor raadpleeg.

## Groepaktiwiteit

## Periode 3

Jy en jou maat het 10 minute waarin julle vir mekaar kan sê watter navorsing julle vir huiswerk gedoen het.

1. Wat vertel die Duitsers in die volksverhaal vir jou oor die historiese tydperk waarin die volksverhaal sy ontstaan gehad het? Gee bewyse uit die volksverhaal om jou antwoord te staaf.
2. Verwys na Bron B en C. Watter rol vervul Barnabas Shaw se standpunt in Bron C, en waarom is hy in die volksverhaal? Wat sê dit vir ons oor die verhouding van die gemeenskap met sendelinge?

3. Haal 'n uittreksel uit die volksverhaal aan as bewyse dat dié verhaal nie heeltamal histories is nie.
4. Waarom dink jy het die verteller in die verhaal aan Adam Kok bonatuurlike magte gegee?
5. Wat moet geskiedkundiges aflei uit die manier waarop die verteller Adam Kok in die verhaal uitbeeld? Hoe sien die verteller hom?
6. Waarom dink jy word dié volksverhaal vandag steeds in die gemeenskap oorvertel?
7. Haal 'n uittreksel uit die verhaal aan wat 'n voorbeeld is van die inheemse kennis van die tydperk, oftewel kennis wat eie is aan die spesifieke kultuurgroep.
8. Die volksverhaal is 'n ontasbare erfenisbron terwyl die Transgariëp-museum 'n tasbare erfenisbron is. Gebruik Bron A en D om 'n kort opsomming te skryf oor die verwantskap tussen tasbare en ontasbare erfenis. Gee ook 'n opsomming van die besprekings van Les 1 om saam te vat waarom dit belangrik is om ons erfenis te herdenk.

### **Erfenis-aktiwiteit**

### **Periode 4 & 5**

Formuleer 'n navorsingsvraag na aanleiding van die besprekings van en antwoorde op die voorafgaande vrae om die verband tussen tasbare en ontasbare erfenis te ondersoek. Gaan kyk of historiese figure soos Adam Kok slegs herdenk word in volksverhale, en of daar ook ander openbare voorstellings van sulke historiese persone bestaan.

- Nadat jy jou vraag geformuleer het, moet jy gaan navorsing doen in 'n biblioteek of 'n museum, of praat met mense wat een of ander belang daarby het. Jy kan ook met iemand 'n onderhoud voer en dit as 'n bron gebruik.
- Bring jou bronne klas toe. Daar sal 'n periode afgestaan word waarin jy jou bronne kan raadpleeg as navorsingsmateriaal vir jou werkstuk. Jou onderwyser sal jou help sodat jy hierdie belangrike vaardigheid in die klas kan ontwikkel.

- Dit sal goed wees as jy aan die einde van elke periode 'n raamwerk vir jou werkstuk opgestel het.
- Vra 'n klasmaat om jou eerste konsep te lees. Werk dan weer deur jou werkstuk, doen verbeterings en maak seker jy het die navorsingsvraag beantwoord voordat jy dit indien.
- Skryf jou bevindinge in werkstuk-formaat neer en verskaf bronne om jou bevindinge te staaf. Moenie prente of foto's as bronne gebruik as dit net ter wille van die visuele effek is nie. Elke bron moet betrekking op jou werkstuk hê. Wenk: Skryf een paragraaf wat spesifiek met een bron verband hou. Dit sal verseker dat jy 'n goed nagevorsde werkstuk skryf.

**Bronne:**

Bron A: "Die drie Christelike manne" (bladsy 78) herdenk die leierskap van Adam Kok, leier van die Griekwas.

Bron B: Barnabas Shaw se siening van die San volgens 'n uittreksel van 'n artikel wat op die internet gepubliseer is, [khoisan.org/whoviewswho.html](http://khoisan.org/whoviewswho.html).

Bron C: Barnabas Shaw het 'n aktiewe rol gespeel in die opvoeding van die Nama-gemeenskap.

Bron D: Die Transgariep-museum herdenk Adam Kok se bydrae as leier van die Griekwas.

## Bron A

### Die drie Christelike manne

*deur Esmonay Cupido*

Eendag was daar drie Christelike manne. Hulle was magtige persone. Hulle was Adam Kok, Pieter Witbooi en Barnabas Shaw. Ek meen, hulle was eerlik en betroubaar in hierdie kromverdraaide wêreld. Die idees waarmee hulle vorendag gekom en die dinge wat hulle gedoen het, was snaaks, vreemd, maar tog relevant. Hulle het goeie dinge gedoen.

Daar was ook die magtige, beduiwelde Duitsers en hulle het nie 'n goeie verstandhouding met hierdie drie Christelike manne gehad nie. Hulle het gedink die manne hou hulle te groot vir hul skoene en dat hierdie drie manne eintlik die base wou wees.

Die Duitsers het 'n suksesvolle plan beraam om die manne in die verleentheid te stel en vir hulle te wys wie baas was. 'n Dapper Duitse man, wat natuurlik 'n voorbeeld vir sy makkers wou stel, was bereid om die vuilwerk te doen.

Toe die Duitser se skoot afgaan en die koëel deur die lug vlieg, vang Adam Kok die koëel met sy hande en gooi dit oor sy kop na agter toe weg. Die ander man, Pieter Witbooi, vat toe die Duitser se geweer, breek dit in twee stukke en gooi dit weg.

Barnabas Shaw, die derde man, was stomgeslaan oor die goeie daad wat sy twee vriende daardie dag gedoen het. Hy het amper nie woorde gehad om die twee manne te bedank nie. Hy besef toe dat daar 'n wonderwerk plaasgevind het en het die twee manne bedank.

Pieter Witbooi is toe saam met Adam Kok na Kokstad toe. Barnabas Shaw het sy eie pad gekies. Sy naam het later in die Metodiste gesangboek verskyn. Dis hoe hierdie drie Christelike manne se padjie geskei het.

## Bron B

Die Boesmans is almal slawe van hul woede. Hulle is bedrewe bedrieërs en uiters slinks ... Wreedheid, in sy mees skokkende gedaante, is algemeen. Die Hottentotte sal baie selde hul kinders doodmaak, maar Boesmans doen dit in verskeie gevalle, soos as hulle kos nodig het, van hul vyande moet vlug, wanneer 'n kind misvorm is, of selfs as die pa die ma verlaat het. Daar was ook al kere dat ouers hul kinders vir 'n honger leeu gegooi het as die leeu naby aan hul woonplek kom.

Bron: <http://khoisan.org/whoviewswho.htm>

## Bron C

Jacob Links was een van die eerste Christen-martelaars in Suid-Afrika. Hy was ook een die eerste mense van 'n inheemse bevolkingsgroep wat hom bekeer het, en wat 'n brief aan die hoof van die Raad van die Wesleyaanse Metodiste-sendinggenootskap in Londen geskryf het. Hy het die brief in Nederlands geskryf om te vertel van die Namakwa-sending waaraan hy behoort het.

Links is omstreeks 1799 gebore, en was een van die seuns van Keudo Links, 'n invloedryke man wat lid was van die Namakwa-stam. Jacob Links se broers se name was Pieter, Jan, Timotheus, Gert, en sy suster was Martha. In 1816 het ds. Barnabas Shaw, 'n sendeling van die Wesleyaanse Metodistekerk, onder die Namakwa-mense kom woon. Shaw is genooi deur 'n groep Namakwas wat hom teëgekome het gedurende 'n reis van hom noord van Kaapstad. Shaw het hom gevestig in Klein Namakwaland wat later die Leliefontein-sendingstasie geword het. Die Links-gesin het ook na die sendingstasie toe getrek. Jacob was omtrent sewentien jaar oud toe hy op Leliefontein aangekom het. Shaw het Links en die ander





geleer lees. Hy het nie skoolboeke gehad nie, maar het Nederlandse godsdienstige traktaatjies gebruik waarvan hy 'n groot voorraad gehad het. Jacob se nuwe vaardigheid is op die proef gestel toe hy Shaw vergesel het na die plaas van 'n Nederlandse boer. Die boer het die Namakwas aanvanklik uitgelag, maar Links en sy broer Jan het die boer vertel van die Boek van die Lewe en dat Christus gesê het alle mense moet weer gebore word. Die boer toe het besef dat albei broers beter as hy kon lees en skryf.

Bron: [www.dacb.org](http://www.dacb.org)

### Bron D



Adam Kok III

Die Transgariëp-museum op Philippolis, wat op 2 Maart 1982 geopen het, stal drie interessante temas uit wat verband hou met dr. J. Philip en die Londense Sendinggenootskap; die Griekwa-era van Adam Kok III; Emily Hobhouse en haar spin- en weefskool; asook 'n kabinetportret met vroeë inwoners van die dorp. Agter die museum op die heuwel is twee kanonne sigbaar wat gebruik is deur Adam Kok, sowel as 'n Griekwakraal, wat nou langs die biblioteek te sien is. Hierdie kraal is deel van die Griekwa-kultuur

Bron: [www.places.co.za](http://www.places.co.za)



**Taak 2**

**Period 6**

Lees die bronne hieronder voordat jy die volgende vrae beantwoord:

1. Die volksverhaal gaan oor 'n Nama-held wat onthoof is in 'n veldslag tussen die Nama en die San. Uit wie se oogpunt word die volksverhaal vertel? Gee bewyse vir jou antwoord.
2. Hoe sou die volksverhaal verskil het as dit deur die ander groep geskryf is?

**Klasdebat:**

**Periode 7**

3. Vergelyk die volksverhaal met Bron B en C. Dink jy die San sou dieselfde gereageer het as die Namas op die toneelstuk waarin die "Kinderlê"-tragedie uitgebeeld word?
4. In vroeë besprekings is lewende erfenis gesien as 'n weerlose hulpbron omdat 'n mens se geheue vervaag. Belangrike aspekte van die volksverhaal kan verdwyn wanneer 'n storie oorvertel word. Watter geskiedkundige inligting sou jy graag in die volksverhaal wou insluit?
5. Bestudeer die twee standpunte oor die verhaal hieronder, en kom tot 'n gevolgtrekking oor die belangrikheid van die volksverhaal:

A. Die volksverhaal gaan nie soseer oor die bakleiery tussen die Nama en die San nie, maar eerder oor die feit dat die Nama 'n geskiedenis het. Deel van die geskiedenis is die mans en vroue wat as helde gesterf het. Die volksverhaal gaan oor die ontydige dood van 'n Nama-man. Sy ontydige dood en die omstandighede wat daarmee verband hou, maak van hom 'n held. Alle gemeenskappe het helde nodig omdat helde goeie rolmodelle is.

B. Die volksverhaal vertel die storie van 'n onskuldige Nama-man wat deur die San doodgemaak is. Volgens die storieverteller

was die San oortreders op die Nama se grondgebied. Dit laat vroe ontstaan oor grond-onteiening en die uitwerking wat dit op gemeenskappe het. Dit is ook 'n bewys van hoe sensitief mense kan wees as kwessies oor grondbesit ter sprake kom.

### **Bronne:**

Bron A: Die gemeenskap van Mier glo die afkop-man word steeds in afgeleë gebiede van die Kalahari gesien en gehoor. Die storie word dikwels in die gemeenskap oortel.

Bron B: 'n Verslag wat op SAHRA (Suid-Afrikaanse Erfenishulpbrongagentskap) se webwerf verskyn het na aanleiding van die onthulling van die Kinderlê-gedenkteken in 2003.

Bron C: 'n Uittreksel uit Priscilla Felicity de Wet se meestersgraadverhandeling, "Sorg dat ons kinders trots op ons erfenis is" (2006), [www.ub.uit.no](http://www.ub.uit.no)

### Bron A

#### **Die afkopman wat met jou praat**

*deur Jessica Adams en Auxilia Basson*

Lank, lank gelede, in die ou dae, het oumagrootjies en oupagrootjies hulle snotneusies met heerlike slaapstories aan't slaap gemaak.

Toe ek klein was, het ek en my ouma een somersaand besluit om buitekant te lê, waar jy alles mooi helder en duidelik kon sien. Die maan was vol en ek sien toe 'n beeld daarin wat nes 'n man op 'n perd lyk. Ek vra toe vir my ouma: "Is dit waar wat ek in die maan sien, Ouma?"

Ouma vra my met 'n baie vriendelike stem: "Wat sien jy, Kind?" Ek sê: "Ek sien die beeld van 'n man op 'n perd." Sy kyk na my en vra met 'n



.....→

verbaasde stem: "Het jy nog nooit die storie van die man in die maan gehoor nie?"

Ek sê: "Nee, Ouma. Ek sou baie graag die storie wou hoor, ken Ouma die storie?"

"Ja, my kind, laat ek dit vir jou vertel..."

"Lank, lank gelede in die 19de eeu in die Kalahari !oas het die mense in vrede gelewe. Toe besluit die mense om 'n bietjie sout en peper in die vleis te gooi om dit smaak te gee.

"Die Nama- en Boesman-gemeenskap het oorlog gemaak. Die oorlog het op 'n windlose vlakte in die Kalahari !oas plaasgevind, maar daardie spesifieke dag het die wind erg gewaai. Mense was verbaas en vra mekaar, hoekom waai die wind dan so vandag?

"Die groep mense se wyse man, Ga-ai, was met die helm gebore. Hy kon die toekoms voorspel. Die oggend voor die oorlog sê Ga-ai, hier gebeur iets vandag! Hoekom waai die wind so? Dit waai dan nooit. !oroson ge-ge lu-i tare-e aisi !lgoe !khaisa! (min weet die mense wat voorlê).

"Dit was nie lank nie en die Nama-groep sien toe dat 'n groep Boesmans hul !oas kom binnetrap, gereed met pyl en boog. Hulle kry hulself toe ook gereed vir die oorlog.

"My kind, die geveg het net daar plaasgevind. Dit was 'n keuse tussen lewe en dood.

"Terwyl die twee groepe mekaar skiet en slaan, kom daar toe 'n vreemde Nama-man met die naam van !Kam-aob op sy perd aan. Hy bekyk toe die bakleiery. Skielik skiet 'n Boesman sy kop af met 'n pyl

.....→



en boog. !Kam-aob se lyf bly toe op die perd sit, terwyl die soos 'n mal dier begin rondhardloop.

"Daar was 'n groepie stil Nama-mense wat nie van bakleiery en oorlog gehou het nie. Hulle het die perd agtervolg. Toe hulle uiteindelik die afkopman en sy perd inhaal, sien hulle dat hulle die man ken! Die vredevolle groepie mense was baie hartseer toe hulle die arme onskuldige, bebloede man met 'n af kop sien. Hulle het soos uile op die plek gehuil en gehuil.

"Van daardie oombik af, tot vandag toe, hoor die mense nog steeds die geluide van 'n oorlog in die kontrei. As jy laataand by hierdie plek verbyloop, dan is die afkopman nog steeds ligweg sigbaar. Hy praat, alhoewel mens nooit weet met wie hy nou eintlik gesels nie.

"Die mense moes toe 'n plan maak. Hoe kon hulle hierdie gees rustig maak, laat verdwyn? Hulle besluit toe om 'n opoffering te maak. Elke keer wanneer hulle die afkopman en sy perd in die nag sien rondwaal, het die mense 'n spierwit bok geslag en uitgebrand. Dan het die rustelose afkopman en sy perd verdwyn.

"Die rook van die afgeslagte wit bok het deur die lug gewaai en het hoog in die lug, tot by die maan gesweef. Hier het die rook dan die vorm van 'n man op 'n perd aangeneem. En so is die storie oorvertel en het beroemd geword.

"Fluit, fluit my kind, my storie is uit, bok, bok ek het lekker gejoj, blaar, blaar, dis waar..."

My ouma se stem het weggeraak en ek het aan die slaap geval, met die gehuil van die uile in my ore...

## Bron B

**Die Kinderlê-gedenkteken**

Die terrein "Kinderlê" is op 'n kleinhoewe 12 km buite Steinkopf, en bestaan uit 'n enkele graf waarin Nama-kindere begrawe is.

Dit is 'n plaaslike erfenisgebied en ouer as 60 jaar. In 1803 het 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap, eerw. Johan Schmelen, 'n Khoekhoe-groep aangetref op 'n plek wat Besondermeid genoem was. Omstreeks 1805 het eerw. Schmelen en die Khoe hier 'n gemeente gestig, 'n kerk gebou en die plek hernoem na Prof. Steinkopf, wat oorsee Schmelen se mentor in die teologie was.

In die daaropvolgende jaar het die Khoekhoe swaar droogtes deurgemaak wat gelei het tot konflik tussen die Khoekhoe en die San. Die Khoe het na 'n plek getrek waar daar genoeg water en weivelde vir hul diere was, meer as 17 km van die kerk by Besondermeid. Een naweek het die San hierdie klein dorpie aangeval en 32 Khoe-kindere doodgemaak. Die tragedie het gebeur terwyl die kindere se ouers 'n kerkdienste op Besondermeid bygewoon het.

Een van die kindere wat oorleef het, het die hartseer nuus aan die ouers vertel toe hulle teruggekom het. Die kindere is toe almal in een graf begrawe. Tot vandag toe staan dit bekend as "Die graf van Kinderlê" – die graf waar ons kindere begrawe is.

Die Noord-Kaapse personeel van SAHRA het die onthulling van die Kinderlê-gedenkteken op 30 Junie 2003 bygewoon.

***Die gebied beeld die volgende uit:***

Tien Pilare. Dit verteenwoordig die tien geboorte waarop die tradisie van die Nama gegrond is. Dit gedenk ook die tien gesinne wat hul geliefde kindere in hierdie tragedie aan die dood afgestaan het.



Die kettings dui op die gevangenskap waarin die Nama vir duisende jare geleef het. Dit herinner ons aan die antagonisme, maatskaplike uitsluiting en marginalisering van hul geskiedenis en kultuur.

Die doodskis met die 32 wit klippies herinner ons aan die tragedie, en die boodskap dat kinders 'n gawe van God is en dat ons vir ons kinders moet omgee.



Die klipmuur dui op die beskerming wat SAHRA aan ons kulturele erfenis en omgewing bied.

Die projek was 'n inisiatief van Amakwa!Haos wat deur SAHRA ondersteun word.

Eda !gai-disib ! na ta lhuwu, Elob ge mu - # ui basen llaib ei da nira !  
gao -basen xuige tsou tama da ga ! o. (Gal.6:9)

"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel."  
(Gal.6:9)

Ingedien deur: SAHRA se provinsiale bestuurder, Noord-Kaap

### Bron C

#### Die Kinderlê-tragedie

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte in Suid-Afrika (CLR) is byeengeroep om in Kimberley die bemiddelingsproses tussen die Nama-Khoekhoe van Steinkopf aan die een kant en die #Khomani-San van die Kalahari en die !Xun- en Khwe-San van Platfontein te fasiliteer. Die San was geskok deur die manier waarop 'n historiese gebeurtenis deur 'n Nama-Khoekhoe-dramagroep gedramatiseer is. In die toneelstuk is die San as bloeddorstige barbare uitgebeeld, en hulle het aanstoot



geneem. Die uitbeelding van die San as genadelose barbare het die San-verteenwoordigers op die NKOK-konferensie vervul met wrewel jeens die Steinkopf-gemeenskap.

'n Nama-jeuggroep van Steinkopf het 'n toneelstuk opgevoer wat hierdie tragiese gebeurtenis uitgebeeld het. In die drama is al die volwassenes na 'n kerk 'n paar kilometer daarvandaan. Hulle het hul kinders, meestal tieners, op 'n heuwel gelos. Terwyl die grootmense weg was, het die San die kinders aangeval en almal doodgemaak om so San wat deur Namas en koloniste doodgemaak is, te wreek.

Die leiers van die onderskeie gemeenskappe het deelgeneem aan die CRL se bemiddelingsproses wat met 'n helings-en-reinigingsplegtigheid geëindig het. In die 1800's het die Groot Trek, soos die Europese setlaars dit genoem het, groot trauma vir die inheemse Khoe- en San-volke meegebring. Hulle het die Khoe- en San-mense gejag en doodgemaak in 'n poging om die land skoon te maak vir hul eie besetting. Ontvoerde Khoe- en San-mense is gedwing om te werk. Die Europeërs het ook kinders by inheemse vroue gehad, en hierdie kinders is "basters" genoem. Hierdie "basters" is verplig om aan kommando-strooptogte deel te neem, en die onderskeid tussen die Afrikane en Europeërs het vervaag. Die San het hulle juis op hierdie jonges gewreek omdat hulle die kinders as die setlaars se nakomelinge gesien het. Toe hierdie stuk geskiedenis aan al die partye bekend geword het, het dit makliker geword om te vergewe. Benewens die helingsplegtigheid op 'n Sondag is die skrywer van die toneelstuk gevra om die stuk te hersien en die koloniale konteks asook temas van vergifnis en versoening in te sluit.

Sleutelvraag	In watter mate kan volksverhale insig bied in die vorige bestaan van die Nama- en †Khomani-San-gemeenskappe?
Leeruitkomstes & Assesseringstandaarde	LU1 AS 1,2, 3, LU2 AS 1,2 LU3 AS 2,4 LU4 AS 3,4
Hulpbronne	"Karlientjie" (bladsy 91) "Jakkals en Leeu" (bladsy 95) "Volstruis en Skilpad" (bladsy 90) "Diamond Cloetes" (bladsy 96)
Assesseringsaktiwiteit	Verrykingsaktiwiteit
Duur	Drie periodes

In hierdie sleutelvraag sal leerders die lewe van die Nama- en †Khomani-San-gemeenskappe ondersoek deur te kyk na die dieper betekenis van hul volksverhale:

- Watter waardes was vir hulle kosbaar?
- Watter verhouding het hulle met die natuur gehad?
- Hoe het hulle volksverhale gebruik om politieke uitdagings die hoof te bied?

### **Aktiwiteit 3:           Ondersoek die betekenis van volksverhale** **Periode 1**

'n Leser of luisteraar kan verkeerdelik dink dat 'n volksverhaal slegs die doel het om te vermaak, maar 'n nadere beskouing kan 'n dieper betekenis ontbloot. In Bron A verwys Buksie Kruiper na die park as die leeu en na die Boesman as die jakkals. Hy het hierdie stelling gemaak in 'n stadium toe die †Khomani-San 'n eis vir grondrestitusie ingedien het om die grond wat hul voorvaders ontnem is terug te kry. Die teug aan die volstruisbeen-pyp lyk asof dit uit 'n volksverhaal kom (Bron B), maar Buksie se verduideliking vertel 'n ander storie.



Gebruik dit wat jy uit Bron A geleer het om 'n dieper betekenis uit die volksverhale in bronne B tot E te kry. Die tabel hieronder sal jou help om elke storie te ontleed.

**Erfenisaktiwiteit:**  
**Periode 2 & 3**

**'n Artikel vir die media**

Die voltooide tabel sal jou help om vir die plaaslike koerant 'n artikel te skryf waarin 'n beroep gedoen word vir die bewaring van storievertel as 'n kunsvorm deur 'n jaarlikse storievertel-fee te hou.

Intrige of verhaal	Simboliese betekenis	Inheemse kennis	Belangrikheid

**Bronne**

Bron A: In hierdie uittreksel uit die boek *Kalahari RainSong* deel Belinda Kruiper haar herinneringe oor haar ervarings met die †Khomani-San. Vertaling deur Francois Smith.

**Bron A**

Dawid het iets in Nama aan die ander vertel, en Buksie, sy broer, het opgestaan en vir my 'n pyp gegee wat hy sê hy onlangs gemaak het. Hy het vir my gesê die pyp is van volstruisbeen gemaak en dat dit baie sterk was, so sterk dat dit heel moontlik langer sou hou as wat ek of my kinders sou leef. 'n Jakkals wat op 'n leeu se rug ry, was op die pyp gegraveer. Buksie het gesê: "Hierdie pyp is vir jou, maar ons moet eers vir jou die storie daarvan vertel. Sien, die park is die leeu.



Die park kry die groot vangs, hulle vang altyd die groot een en kry alles. Die jakkals is die Boesman, hy is die aasdier, maar ook die jagter en jy weet nooit waar hy is nie. Daar sal 'n tyd kom waarin dinge gaan verander. Die leeu is nou koning, maar die een of ander tyd gaan die leeu slaap. En dan sal jakkals kom en óf al die vleis wegvat, óf dit net daar opvreet en met 'n vol maag verdwyn. Binnekort sal jakkals vir leeu ry..."

### Bron B

#### Volstruis en Skilpad

*deur Juliana Seekoei en Gert Olyn*

Lank, lank gelede op 'n warm somersdag in die Kalahari, loop Volstruis in die bosveld rond. Hy kom op Skilpad af. Hy kyk so vir 'n lang ruk na Skilpad en sê: "O, jy kan darem stadig loop, jy sal my nooit uithol nie."

Skilpad sê toe: "Hou op praat, Volstruis, laat ons 'n kans vat. Ontmoet my môre by die duin en dan hou ons 'n resies."

Skilpad weet goed dat Volstruis hom sal weghol. Hy dink toe aan 'n slim plan. Hy gaan na sy familie en vriende toe en vertel hulle van die resies die volgende oggend. "Ons moet mekaar nou help, ons moet saamstaan." Hy verduidelik toe sy plannetjie sorgvuldig aan sy familie en vriende.

Vroeg die volgende oggend kom al die skilpaaie by die duin aan. Van die beginpunt af, tot by die wenpaal, gaan kry elke skilpad toe 'n plek onder 'n bossie. Elke tien tree of so, sou 'n ander skilpad die resies voortsit. Volstruis sal nooit die verskil tussen die skilpaddop-patrone sien nie.



.....→  
 Toe die resies begin, haal Volstruis alles uit! Kadoef, kadoef, kadoef  
 hardloop Volstruis, terwyl die sandstof in 'n wolk om hom draai.

Volstruis se bene skop hoog in die lug en hy vra so in die hardloop:  
 "Skillie, Skillie, waar's jy?" 'n Skilpad antwoord skuins voor hom: "Hier  
 is ek!"

Ou Volstruis kon sy ore nie glo nie. Hoe kan Skilpad dan nou al hier  
 wees? Volstruis haal sterk uit en trap kadoef, kadoef en lig sy vlerke  
 op. Hy draai soos 'n tolbos in die rondte dat sy vlerke sjiep-sjiep fluit.  
 Na 'n rukkie rek hy sy nek om oor die duin te loer en vra weer: "Skillie,  
 Skillie, waar is jy?" Die naaste skilpad antwoord skuins voor Volstruis:  
 "Skuins voor jou!" En so het dit aangehou tot by die wenpaal.

Toe Volstruis by die wenpaal kom, staan Skilpad alreeds daar, hoog  
 en droog. Vandag het Skilpad vir Volstruis 'n les geleer. Vandag groet  
 Volstruis vir Skilpad heel beleefd.

Fluit-fluit my storie is uit!  
 Bok-bok, ek het lekker gejoj!

Bron C

## Karlientjie

*deur Mario Bok, Janie Basson en Barelize Barendse*

Eendag lank, lank gelede was daar 'n tienerdogtertjie met die naam  
 Karlientjie. Sy het saam met haar mamma in 'n riet-hut gewoon. Die  
 hut was ver van die beskawing af. Dit was in 'n baie groen woud met  
 digte kameeldoringbome wat die omgewing opgehelder het.

.....→



Karlientjie was 'n nuuskierige tiener. Sy het nooit haar mamma se waarskuwings ernstig opgeneem nie. Karientjie was baie lief vir die natuur. Sy het baie van haar dae langs die rivier deurgebring. Die groot rivier het soos 'n slang deur die smal klowe geseil. Sy was ook 'n diere liefhebber. Sy kon siek diere gesond gemaak.

Eendag het sy op 'n paddatjie afgekom wat se beentjie beseer was. Die padda se groen vel het skitterend in die rivier weerkaats. Sy het haar rokkie geskeur en 'n lappie om die padda se boudjie gedraai.

Sy het dag vir dag vir die paddatjie kos geneem. Karlientjie het hom geselskap gehou totdat hy sy beentjie weer kon rek en strek.

Op 'n dag vra Karlientjie vir die padda: "Paddatjie, paddatjie, hoe gaan dit met jou beentjie vandag?"

"My beentjie is piekfyn, piekfyn, kwaak, kwaak, kwaak."

"Het jou vriende al vir jou kom kuier?" vra Karlientjie.

"Natuurlik, maar is jy dan nie ook my vriend nie?"

"Ja," antwoord Karlientjie, "ek is jou vriend."

Karlientjie wou al lankal gaan sien wat aan die oorkant van die rivier was. Sy vra toe vir die padda om haar oor die rivier te neem. Hy het haar ingesluk en geswem en geswem. Hy het haar aan die anderkant van die rivier uitgespoeg.

Karlientjie het haar verkyk aan die vlaktes wat met tjamgras, hak-en-steek, ntjooi en bitterbessiebosse versier was.

Onder een van die bome, het sy op 'n beseerde voeltjie afgekom. Die klein poutjie het gekerm. "Whee, whee, whee..."

Karlientjie het die keer van haar rok se rafels uitgetrek om 'n houtstokkie aan die vlerkie vas te gorts. Sy en die voeltjie was honger. Karlientjie het toe in die bos vir veldkossies gaan soek.



Intussen het dit laat geword. Die son het gesak en Karlientjie het heeltemal verdwaal.

In die skemer het sy 'n riethut wat met beesmis gepleister was, gesien. Dit het ver en alleen op 'n heuwel gestaan. Haar nuuskierigheid was geprikkel en sy het besluit om ondersoek in te stel.

Sy het nader en nader aan die huisie beweeg. Sy het verder en verder van die paadjie afgedwaal om by die huisie uit te kom.

Toe sy aan die deur klop, vlieg dit oop en die Mensvretertjie vang haar blitsvinnig. Oo! Dit was die Mensvreter wat haar Mamma haar oor gewaarsku het!

"Hmmm...Dis 'n lekker, sagte dingetjie hierdie, maar nogal aan die maer kant." sê die nare Mensvretertjie.

"Nee, asseblief, asseblief laat my gaan," pleit Karlientjie. "Moet my net nie opvreet nie!"

"Nog nooit! Ek het te lank, hopeloos te lank, vir iets so sag en lekker soos jy gewag!"

Na 'n week se gesoebat en gesmeek, kondig die Mensvretertjie aan dat hy Karlientjie op die vuur gaan braai. Sy het gehuil om sy hart te versag, maar dit was tevergeefs.

Die Mensvreter het dadelik sy vuur reggekry en wild om dit gesing en gedans.

Intussen het die pou se vlerk gou-gou herstel. Terwyl die Mensvretertjie om sy vuur gekatterjak het, het die pou bo die huisie heen en weer gevlieg. Hy het 'n eerste blink veer uit sy gesonde vlerk getrek en binne-in die huis gegooi. Die tweede veer het hy voor die huis, aan die suidkant gegooi. Die derde veer het hy langs die huis,



aan die oorskant gegooi. Die vierde veer het hy agter die huis in die noorde gegooi en die vyfde veer, in die weskant.

Die Mensvretertjie het intussen sy wilde dans klaar gedans en roep toe: "Karlientjie, klakwan, kom hier, kom hier!"

Die eerste veertjie antwoord toe. "Ek kom."

Toe die Mensvreter vir die vyfde keer "Karlientjie klakwan!" roep, was sy geduld al dun geskaaf. Toe die veertjie aan die weskant antwoord "Ja, ek kom, ek kom," was die Mensvretertjie blind van woede.

Hy het in die hut gestorm en ontdek dat Karlientjie skoonveld weg was. Die voël het haar gehelp ontsnap. Hy het bo Karlientjie se kop gevlieg – sy het hom gevolg en toe haar paadjie terug na die rivier gevind.

Die Mensvretertjie het haar spore in die bos gekry en haar agterna-gesit.

Toe Karlientjie by die rivier kom, het die padda haar weer ingesluk en haar oorkant die rivier uitgespoeg. Sy het vinnig terug na haar Mamma se huis toe gehardloop.

Sy het haar les geleer en nooit, ooit weer oor die rivier probeer gaan nie.

Fluit, fluit my storie is uit,  
Blaar, blaar dis waar,  
Blaar, blaar jy moet jou storie bewaar.

## Jakkals en Leeu

*deur Lethitia Kroon en Elize Camm*

Die rooi-oranje son sak agter die Kalahariduine en die blink nag se sterre begin net-net uitkom. Naglewe in die duine begin.

Honger Jakkals bekruip vir Leeu wat ewe rustig agter 'n groot khobos sit en sy vroeggaand-springbokprooi vreet. Jakkals maak Leeu skrik. "Whoa!" Arme Leeu skrik so groot dat hy wild tussen die kameelbome in hardloop.

Die blye Jakkals let op dat Leeu sy halwe springbok net daar onder die kameeldoringboom vergeet het. Hy begin dadelik om eers sy honger maag te vul en die oorskiet na sy honger kinders toe te vat.

Die volgende oggend kom Leeu se kinders by Jakkals se kinders speel. Na so 'n rukkie, gil Jakkals se kind: "Whê, whê, whê, my pa is tog die sterkste, whê, whê!" Arme leeu se kinders weet nie wat aangaan nie en besluit toe maar om huis toe te gaan. By die huis vertel hulle die storie vir hul kwaai pa.

Leeu haas hom na Jakkals se huis. Jakkals lê ewe rustig onder die groot, groen boom en rus. Hy sê: "Hoekom is jy so kwaai vandag, ou Leeu, kom sit 'n bietjie."

Intussen steek Jakkals se bedorwe klein stout kindertjies ou Leeu se poot aan die brand. Leeu brul: "Grhaa-aa-graaa!! Ek brand!" Die ou hardloop reguit huis toe.

Jakkals en sy kinders lag toe baie lekker vir ou Leeu. Hy vertel toe aan sy kinders dat hy Leeu sy ryperd gaan maak. Dieselfde storie vertel hy aan Leeu se vrou. Sy was baie verbaas.



Die volgende dag maak Jakkals asof hy baie siek is. Hy gaan lê onder die khobos. Leeu kom toe daar verby en sê: "Hoe lyk jy dan nou so siek, kom klim op my rug, dan vat ek jou huis toe."

Jakkals klim toe op ou Leeu se rug. Hy sê vir Leeu: "Staan net soontoe, ek wil vir my 'n lat vir die vlieë afpluk sodat ek hulle kan wegjaag."

Toe hulle reg voor ou Leeu se huis verby kom, sien Jakkals vir Leeu se vrou. Hy slat, slat vir Leeu met die khobos-lat. Skielik hardloop ou Leeu soos 'n jet verby sy vrou en huis.

Toe skree Jakkals vir Leeu se vrou: "Vroumens, ek het jou mos gesê dis my ou ryperd hierdie!"

Fluit, fluit my storie is uit!  
Bok, bok ek het lekker gejok.

## Bron E

### Die Diamond Cloetes

*deur Herbert Cloete*

Ou Oom Piet en sy baas was haastig op pad na Kimberley. Hulle het saam met hul swart en bruin perde rondgereis. Hulle het verbruiksgoedere en kruideniersware gesmous.

Hulle gaan stop toe by 'n oop, warm vlakte met 'n blou waterstroompie, waar die perde en selfs Oom Piet en sy baas hul dors kon les. Vir pret krap Piet in die nat, waterige grond naby die blou waterstroompie.







'n Wonderlike ding gebeur met hom. Hy vind sewe pragtige, skitterende klippies, wat hy in sy geel-oranje twaksak in sy geruite hemp gebêre het. Hulle span toe die perde in en vat die pad.

Soos dit maar is, pla die pragtige klippies die ou, grys Oom Piet. Hy verwyder toe die klippies uit sy stukkende geruite hemp en kyk weer daarna. Sy baas sien die skitterende klippies in sy hand en het onmiddellik geweet wat dit is.

Hy wil toe by Oom Piet weet of hy kan onthou waar hy die klippies ontdek het. Piet kon toe nog onthou waar die plek was en hulle draai dadelik om, terug Kimberley toe. Daar gekom, het Oom Piet sy baas die plek tussen die bosserige grondoppervlak gewys.

Sy baas vat die pragtige klippies by hom en gee hom al die dinge wat hulle gesmous het. Piet was te dom om te besef dat dit eintlik diamante was en gee toe onwetend vir hom die klippies.

Sy baas sê toe vir Piet: "Ou Piet, van vandag af is jy nie net Pietie Cloete nie, maar Pietie Diamond Cloete.

Die baas was sekerlik besig met 'n bose plan, want van daardie tyd af was die Groot Gat op dieselfde plek gegrawe.

Die volgende maatstawwe kan gebruik word om die artikel te assesseer:

Die leerder is in staat om ...	Vlak 7 80 – 100%	Vlak 6 70 – 79%	Vlak 5 60– 69%	Vlak 4 50– 59%	Vlak 3 40– 49%	Vlak 2 30– 39%	Vlak 1 0– 29%
Toepaslike inligting te identifiseer en te ontleed om die artikel te kan skryf [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
Te verduidelik watter uitwerking iets soos die onteiening van grond op die storieverteltradisie gehad het [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
Die sosio-ekonomiese en politieke magsverhoudings en die uitwerking daarvan op die vertel van stories te identifiseer [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
'n Duidelike en samehangende argument op grond van bewyse te beplan en saam te stel [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte
Te verduidelik hoe volksverhale deel vorm van die stelsel van inheemse kennis van gemeenskappe [20]	16 – 20 punte	14 – 16 punte	12 – 14 punte	10 – 12 punte	8 – 10 punte	6 – 8 punte	0 – 6 punte

Die leerder is in staat om ...	Vlak 7 80 - 100%	Vlak 6 70 - 79%	Vlak 5 60- 69%	Vlak 4 50- 59%	Vlak 3 40- 49%	Vlak 2 30- 39%	Vlak 1 0- 29%
Maniere te identifiseer waarop orale tradisie en inheemse kennis 'n bydrae kan lewer tot die begrip van ons erfenis [20]	16 - 20 punte	14 - 16 punte	12 - 14 punte	10 - 12 punte	8 - 10 punte	6 - 8 punte	0 - 6 punte
'n Duidelike en samehangende artikel te skryf. Die titel moet die sleutelvraag wat ondersoek word presies omlyn. [20]	16 - 20 punte	14 - 16 punte	12 - 14 punte	10 - 12 punte	8 - 10 punte	6 - 8 punte	0 - 6 punte

# Samevatting



*Ouma Katrina Rooi deel haar stories.*

Hoewel storievertel nie meer 'n prominente deel van die twee gemeenskappe se daaglikse leefwyse is nie, het die projek gewys dat die belangstelling in die kuns van storievertel en egte volksverhale weer geprikkel kan word. Die storievertellers in hierdie projek het ondervind dat die ervaring hul herinneringe geprikkel en bekragtig het. Die tagtigjarige ouma Katriena Rooi van Andriesvale het onderhoude afgesluit met gebede wat sy in Nama gedoen het. Die geleentheid om volksverhale te deel het vir die deelnemers 'n geleentheid gegee om 'n erfenis oor te dra wat in storiebundels opgeneem sal word vir geslagte wat nog gaan kom. Die ander deelnemers was verstom deur hul prestasie as navorsers en skrywers van hul eie erfenis.

# Deelnemers aan die projek

## Namakwa-distrik

### Storievertellers:

#### *Steinkopf:*

Mevv. Elizabeth Balie

Ida van Staden

Anna Mouton

Wilhelmina Bock

Johanna Cloete

Mnre. Hendrik Jantjies

Paulus Jantjies.

#### *Komaggas:*

Mevv. Clementine Cloete

Anna Susanna Cloete

Mona Engelbrecht

Katrina Elizabeth Gal

Anna Elizabeth Cloete

Mnr. John Derrick Diergaardt.

#### *Springbok:*

Dr. Gert Johannes Kotzé

Mnr. Johannes Petrus Cloete.

#### *Okiep:*

Mnr. Willem Cloete.

#### *Concordia:*

Mevv. Anna Meyer

Katriena Cloete

Mnre. Willie Cloete

James Cloete

Paulus Saal.

#### *Kharkhams:*

Mevv. Emmy Swartz

Magrieta van Zyl

Magdalena Africa

Sara Fortuin

Magrieta Wildschutt

Mnre. John Wesley

Meissenheimer

Edward Cloete

Gert Cloete

Johannes S. Wildschutt

Josef Ntuli.



*Leerders en opvoeders by skryfslypskool te Kharkams*

**Senior Sekondêre Skool  
Concordia**

*Mnr. G Cloete*  
Marsha Cloete  
Petra Cloete  
Sandra Cloete  
Rushwan Engelbrecht  
Ernestine van den Heever  
Adonia Meyer  
Shaleen Osborne  
Ricardo Simon  
Justin Smith.

**Senior Sekondêre Skool  
Kharkhams**

*Mnr. G. van Niekerk*  
Geraldene Beukes  
Esmonay Cupido  
Benjamin Gal  
Pieter Gall  
Elzodia Hanekom  
Alovishia Links  
Luyanda Nkalani  
Cathlene Oortman  
Burdo Pieters  
Keynan Stewe  
Lincia Swartz.

**Senior Sekondêre Skool  
Steinkopf**

*Me. E. Drage*

Phabré Brand

Rowan Brandt

Herbert Cloete

Talana Cloete

Selmarie Kenneth

John Jantjies

Lilian Jantjies

Tammeryn Jantjies

Tameryn Hans

Altina Vries.

**Senior Sekondêre Skool  
Okiep**

*Mnr. C. de Jongh*

Deidré Losper.

**Hoërskool Namakwaland**

*Me. G. Louw*

Albertus Mostert

Bazil Phyllis.

**Primêre Skool F. J. Smit  
Komaggas**

*Mnr. M. Haskitt*

Lee-Ann Cloete

Luwayne Cloete

Donrick Dyers

Danneline Magerman

Rolin Magerman

Tasmin Mentoor

Werner Saul.

**Siyanda-distrik**

**Storievertellers:**

*Rietfontein:*

Mevv. Lorretha Davids

Salomé van Schalkwyk.

*Philandersbron:*

Mevv. Sara Tities

Elizabeth Cloete

Maria van der Byl.

*Riemvasmaak:*

Mnre. Wilem Damarah

Ignatius Hifikua

Vaughan Basson

Me. Loreta Dawids.

*Askam:*

Mnre. Petrus Vaalbooi

Tom Dolf

Ouma Katriena Rooi.

*Andriesvale:*

Mev. Katrina Tieties.

*Loubos:*

Mnre. Piet Kortman

Reuben Isaks

Johannes Galakop.

*Welkom:*

Mev. Maria Kruiper.



*Leerders, opvoeders en fasiliteerders by skryfslypskool te Klipkolk.*



*Lede van gemeenskaporganisasies en storivertellers by opleidingsessie te Upington.*



*Kakamas:*

Mevv. Elizabeth Cloete  
Anne Witlouw.

*Upington:*

Mevv. Johanna Kock  
Katrina Esau  
Clara Freeman  
Nokuthula Thoba  
Ella Snyders.

*Keimoes:*

Me. Prescilla Speelman.

*Mier:*

Mnr. Abraham de Klerk.

**Gekombineerde Skool  
Rietfontein**

Juanita Beukes  
Million Beukes  
Mario Bok  
Janie Basson  
Barelize Barendse  
Jasmien Claassen  
Justin Cloete  
Meldien du Plessis  
Cathleen Polsen  
Andrietta Farmer  
Lorenthea Tities  
Carla Isaks  
Seransen Visagie  
Isabella Khowe  
Annedine de Koker

Patricia Cloete  
Antoinette Steenkamp  
Lucinda Steenkamp  
Stella Bock  
Lindsay Julius  
Elize Ccamm  
Lethitia Kroon  
Kevin Cloete  
Dylan Moss  
Anthea Farmer  
Cheryl Oosthuizen  
Simoné-Kay Isaacs  
Grazelda Mouton  
Nervon Jacobs  
Elrico Kooper  
Nolize Strauss  
Juliet Neels.

**Hoërskool Kakamas**

Auxilia Basson  
Jessica Adams  
Lourinda Feris  
  
Michelle Heyns  
Heinrich Klim  
Reltin Matroos  
Danwil Willemse  
Lumin Strauss  
Salomé Cloete  
Shandine Malgas  
Jolandi Basson  
Desireé Rhyne  
Ronelia Kafeer  
John Dawids.

## Lede van gemeenskapsorganisasies

Colin Toll

Anna Jaar

Charlaine Vaalbooi

Gert Olyn

Mariska Oerson

Godwin Domingo

Marilyn Mouton

Abraham Kalehile

Clara Freeman

Ella Snyders.

- Boonzaaier, E., Berens, P., Malherbe, C. & Smith, A. (1996) *The Cape Herders: A History of the Khoikhoi of Southern Africa*. Kaapstad: David Phillip Publishers.
- Bregin, E. & Kruiper, B. (2004) *Kalahari RainSong*. Durban: University of Kwa-Zulu-Natal Press.
- Brink, André P. (2005) *Bidsprinkaan: 'n ware storie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Burke, P. (1995) *The Siege of O'Okiep: Guerilla Campaign in the Anglo-Boer War*. Bloemfontein: War Museum of the Boer Republics.
- Cameron, T. (red.) (1986) *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Deacon, et al. (2004) *The Subtle Power of Intangible Heritage*. Pretoria: HSRC Press.
- Dean, C. M. (2005) *Journey through the Living Deserts of South Africa*. Coalville, Brittanje: Dean & Associates.
- Dacey, W. (2004) *Borderline*. Kaapstad: Kwela.
- Eksteen, B. (2005) *BB'S van die Boesmanland*. Bloemfontein: Bytes Documents Solutions.
- Heese, H. (1984) *Groep sonder grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Kotze, W. D. (2002) *Jonker Afrikaner, kaptein van die oorlogsmense*. Windhoek, Namibië: Out of Africa Publishers.
- Kruiper, Belinda. (2004) *Kalahari RainSong*. Scottsville: University of KwaZulu Natal Press
- Matthee, D. (2000) *Pieterella van die Kaap: historiese roman oor Pieterella en Eva-Krotoa*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- McKinnon, J. (2004) *A Tapestry of Lives: Cape Women of the 17<sup>th</sup> Century*. Kaapstad: Kwela.
- Morris, M. (2004) *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa*. Pretoria: HSRC Press.
- Namakwa Toerismekantoor. (2005) *Namaqualand and Hantam Karoo*. Kaapstad: The Tourism Blueprint.
- Oppel, M. (2005) *I Love that Place Tjoubogas*. Kaapstad: Kwela.

- Rabie, J. (2004) *Die groot andersmaak*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Sleigh, D. (2002) *Eilande*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Smalberger, J. M. (2000) *A History of Copper Mining in Namaqualand*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Smith A. B. (red.) (1995) *Einiqualand: Studies of the Orange River Frontier*. Kaapstad: UCT Press.

## Artikels

- Klinghardt, G. P. *Pastoralists in Southern Africa*. SAM. Iziko Museums Cape Town.  
<http://www.museums.org.za/sam/resourc/arch/pastoral.htm>
- Klinghardt, G. P. (March 1987) "Matjieshuis" – *Portable Dwelling of Nama Herders*.  
South African Museum: Sagittarius Volume 2, Number 1.
- Munjeri, D. (2004) *Tangible and Intangible Heritage: From Difference to Convergence*. Museum International, Vol. 56 Issue 1-2, 12-20.
- Van Zanten, W. *Constructing New Terminology for Intangible Cultural Heritage*.  
Museum International, Vol. 56 Issue 1-2, 36-44.